# H O O F S T U K  II

## DIE ONTWIKKELING IN DIE BEHEER VAN DIE STAATS-ONDERWYS ONDER KROONKOLONIEBESTUUR 1902 - 1907.

### 1. Inleiding.

a. Soos reeds in Hoofstuk I aangetoon, word die na-oorlogse tydperk gekenmerk deur 'n stryd tussen twee botsende beskouinge, wat uitgeloop het op 'n stryd om die erkenning van die C.N.O.-beginsels in die onderwysstelsel van Transvaal.

Die voorstanders het met behulp van fondse uit Nederland die Republikeinse onderwysstelsel in Transvaal voortgesit. Daar het dus vir 'n aantal jare twee onderwysstelsels naas mekaar bestaan, naamlik die regeringskole en die C.N.O.-skole. Elk van die stelsels het sy eie prinsipiële beskouing insake plaaslike beheer gehad. Die ontwikkeling van die plaaslike beheer word in twee aparte hoofstukke beskrywe, maar die gedurige onderhandeling tussen die leiers van die C.N.O.-beweging en die regering bring mee dat daar ook 'n wedersydse beïnvloeding was en gevolglik sal daar ook in die verloop van sake in dieselfde hoofstukke na albei stelsels verwys word.

b. Pas ses maande na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het Lord Milner begin soek na 'n geskikte direkteur van onderwys om onder sy persoonlike toesig onderwyssake in Transvaal en die Oranje Rivier Kolonie te organiseer [1]. Die keuse het op E. B. Sargant, 'n gewese lid van die Engelse staatsdienskommissie, geval. Hy het 'n deeglike kennis gehad van die onderwysstelsels in die verskillende Britse Kolonies [2]. Hy was ook bekend met die sentraal beheerde onderwysstelsel van die Kaap Kolonie, 'n stelsel wat as grondslag kon dien vir die nuwe

onderwyspatroon/........

---

1. Sec. Tvl. Adm. 1027/1: Brief van Muir aan Milner, 17 Mei 1900.
2. T.O.D.-Rapport, 1900 - 1904, 3.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.

onderwyspatroon wat hy in die nuwe kolonies moes kom skep.

Sargant het in Desember 1900 in Transvaal aangekom en onmiddellik begin met sy organisasie van die onderwys. Mnr. J. Robinson, van die "Witwatersrand Council of Education", was reeds tydelik in bevel van die onderwys aan die Witwatersrand en dr. W. McFadyen van die skole in Pretoria en ander plekke wat reeds deur die Britse magte verower was [1].

Onderhewig aan die goedkeuring van Milner het Sargant die onderwysbeleid van Transvaal neergelê. Solank hy besig was om sy kampskole te organiseer, het hy met sy geestesoog reeds gesien hoe hy na die vredesluiting sy onderwysstelsel in werking sou stel. Hy het 'n baie uitgebreide stelsel, veral vir die platteland, in vooruitsig gestel [2].

Alhoewel Sargant 'n deeglike studie gemaak het van onderwystoestande voor die oorlog [3], was hy nog nie vertroud met die plattelandse toestande in Transvaal nie. Sy planne was so baie idealisties en teoreties sorgvuldig uitgewerk, so goed dat selfs Milner daaroor in vervoering geraak het. Hy sê van Sargant se werk:

> "A ray of light in an otherwise still very overcast sky: the really excellent beginning which Sargant is making in his educational work. He is at once enthusiastic and businesslike" 4).

By 'n ander geleentheid sê Milner van hom:

> "What strikes me about his view of the larger and more complicated questions which lie before him in future, is that he approaches his task not merely as an educational expert but with a remarkable grasp of the social and political conditions, which have constantly to be

borne in/......

---

1. T.O.D.-Rapport, 1900 - 1904, 7.
2. T.O.D.-Jaarverslag 1901. Die grootste gedeelte van hierdie jaarverslag word aan Sargant se onderwysbeleid en beplanning gewy.
3. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 7. Robinson, van die Witwatersrand Council of Education, en McFadyen, tydelike amptenaar in beheer van die Pretoriase skole, het Sargant van waardevolle inligting voorsien.
4. Headlam: Milner Papers, II, 217.

borne in mind in dealing with it" [1].

Van Sargant se mooi uitgewerkte skema was slegs ŉ deel uitvoerbaar [2]. Dit is egter nodig om ŉ oorsig te gee van sy beplanning van die onderwysvraagstuk en van die beginsels wat daarin sou toegepas word.

Sargant het uitgegaan van die standpunt dat die oorlog ŉ einde gemaak het aan die onderwysstelsel en -beginsels wat in die Zuid Afrikaansche Republiek toegepas is [3]. Hy wou ook van die magte wat die krygswet aan hom verleen het gebruik maak om privaatskole onder sy beheer te plaas [4], sodat hy dan alle onderwys onder sy beheer kon hê om ŉ nuwe begin te maak.

2. <u>Sargant se onderwysbeplanning</u>.

a. <u>Onderwys in die dig bevolkte stede</u> [5].

Die onderwys in Johannesburg en Pretoria sou in ŉ aparte onderwysstelsel georganiseer word. Die twee stede het dan ook aanvanklik hulle eie organiseerders gehad in die persone van J. Robinson en W. McFadyen onderskeidelik.

Reeds in Junie 1901 het Sargant aanbeveel dat die instelling van ŉ skoolraad vir Johannesburg oorweeg moet word sodra die geproklameerde munisipale regering vir Johannesburg ingestel is. Lord Milner was op hierdie tydstip met vakansie in Engeland en

die saak/.......

1. Sec. Tvl. Adm. 5152/01: Milner aan Chamberlain.
2. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72.
3. Lt. G. 129/114/Genl.: Brief van Sargant aan Lawley waarin hy skrywe: ".....why lose this opportunity which the war has offered us by sweeping away all institutions, and by making unnecessary the illogical compromises which have had to be made in England and Scotland?"
4. Col. Sec. Correspondence 41/5552/02: Minute B23 van Sargant aan die sekretaris van die Transvaalse Administrasie, 19 Oktober 1901: "Under martial law, and before vested rights are generally established, it will be far easier to deal with the question than in normal times".
5. T.O.D.-Jaarverslag 1901, 8.

die saak is nie afgehandel nie [1].

Robinson is later vervang, eers deur V. Archbold [2] en later deur T. G. Ligertwood [3].

Die beheer van hierdie gebiede by wyse van aparte regulasies is met die instelling van adviserende skoolrade in 1905 gehandhaaf [4].

b. <u>Onderwys vir die plattelandse bevolking</u>.

Sargant het 'n breedvoerige skema uitgewerk vir onderwys op die plattelandse dorpe en plase. Sy skema het bestaan uit "provincial schools", "ward schools" aangevul deur "visiting teachers" en 'n tydskrif genoem die "house-tutor".

Die Transvaal sou verdeel word in tien distrikte, elk met 'n "provincial" of provinsiale skool. Elke distrik word weer verdeel in sowat ses wyke, elk met 'n "ward" of wykskool [5]. Die hoof van die provinsiale skool sou as inspekteur van die wykskole optree en die opleiding van onderwysers waarneem. 'n Wykskool sou die middelpunt wees vanwaar die "besoekende" onderwysers hulle reise onderneem na die plase.

Die "besoekende" onderwysers [6] sou plase besoek waar ten minste vyf kinders saamgetrek kon word. Waar daar nie vyf kinders bymekaar kon kom nie, sou die tydskrif of "house-tutor" gebruik word [7].

Sargant /.......

---

1. Col. Sec. Correspondence 21/2568/01: Brief van Sargant aan die Sekretaris van die Transvaalse Administrasie, 19.6.01.
2. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 22. Robinson het sekretaris van die "Technical Institute" geword.
3. T.O.D.-Rapport 1905 - 1906, 15. Ligertwood het in 1906 inspekteur geword en is opgevolg deur Thompson as gewone inspekteur.
4. Gov. Gazette: Goewermentskennisgewing 1152/1906. Wysiging van regulasies vir adviserende skoolkommissies en skoolrade vir die magistraatsdistrik van Pretoria, 8 November 1906.
5. T.O.D.-Jaarverslag 1901, 11. 'n Wyk sou ongeveer 300 myl in die vierkant wees.
6. Id., 9.
7. Id., 10. Die "house-tutor" was bedoel as 'n soort korrespondensiekursus. Die kinders ontvang die tydskrif en neem dit dan na die wykskool waar dit nagesien moet word.

Sargant was 'n voorstander van vry laer onderwys. Tog voel hy dat daar ook 'n aantal "fee-paying" Engelse skole moes wees vir die kinders van die élite. Hulle moes goeie onderwysfasiliteite verskaf en min of meer die plek inneem van die Engelse "Public School". Die staat sou 'n subsidie van £6 per leerling per jaar bydra vir die onderwys van hierdie kinders [1].

c. Opleiding van onderwysers.

Die opleiding van onderwysers sou in twee inrigtings waargeneem word: in die provinsiale skole vir een jaar vir 'n derde klas-sertifikaat, of in die stedelike normaalskool in 'n driejarige kursus vir 'n tweede klas-sertifikaat. Dosente van die normaalskole se dienste sou ook gratis aangebied word aan privaatskole om die peil van die onderwys in dié skole te verhoog, en dit sou tegelykertyd die staat ook die geleentheid bied om meer inligting te verkry in verband met die werk wat in hierdie skole gedoen word [2].

d. Onderwysbeheer.

Die onderwysbeheer sou aanvanklik honderd persent gesentraliseerd en burokraties wees. Die goewerneur-in-rade was die hoogste wetgewende gesag. Die onderwysdepartement, met sy direkteur van onderwys, kom direk onder die beheer van die koloniale sekretaris [3].

Wat die plaaslike beheer betref, was dit nie die plan om plaaslike skoolkomitees te laat herlewe nie. Tog het Sargant daarmee rekening gehou dat die versoek om plaaslike komitees aan hom gerig sou word. Daarom voel hy dat die onderwysstruktuur so saamgestel moet word dat plaaslike beheer wel ingestel kan word sonder dat dit die struktuur sal beïnvloed. Hy beplan die instelling van opvoed-

kundige /.........

1. T.O.D.-Rapport 1901, 13.
2. Ibid.
3. Ex. Co. Minutes, 2. Besluit nommer 1 van 4 April 1901.

kundige komitees wat verantwoordelik sou wees vir die keuse van alle onderwysers vir wykskole en die hoofde van laerskole in die "provinsiale dorp". Die hoof van die provinsiale skool sou buite die beheer van genoemde komitees val [1].

Weens die moontlikheid dat plaaslike komitees ingestel kon word, sou dit wenslik wees dat onderwysers nie staatsamptenare sou word nie, want in die toekoms kon dit gebeur dat hulle amptenare van sodanige plaaslike komitees word. Die hoofde van die provinsiale skole, wat ook inspekteurs van die wykskole sou wees, besit egter hoër status, en dit mag wenslik wees om hulle as staatsamptenare te benoem [2].

In die provinsiale stelsel sou die onderwysers voorlopig deur die direkteur van onderwys benoem word, onderhewig aan die goedkeuring van sy senior amptenare. In die stedelike gebiede wou Sargant so gou moontlik skoolrade instel wat die verantwoordelikheid sou aanvaar om onderwysers vir die laerskole te vind. Die samestelling van skoolrade sou geskied by wyse van benoeming en indirekte verkiesing, byvoorbeeld waar die helfte van die lede deur die munisipale raad, self 'n verkose liggaam, benoem word, en die ander helfte deur die goewerneur-in-rade.

Die skoolrade kon die verantwoordelikheid vir die onderwys in stedelike skole van die onderwysdepartement oorneem sodra die munisipale rade gemagtig was om belastings vir onderwysdoeleindes te hef. Sodra dit gebeur het, sou die houding van die departement van onderwys teenoor die laer onderwys heeltemal verander. In plaas daarvan dat die departement self 'n onderwysstelsel ontwikkel, kon hy dan die kritiese beoordelaar wees van 'n stelsel wat deur ander ontwikkel sou word [3].

Sargant moes rekening hou met Milner se opvatting ten/........

1. T.O.D.-Rapport 1901, 11.
2. Id., 12.
3. Ibid.

vatting ten opsigte van plaaslike beheer. Self het hy gesê:

> "In the town schools........I wish to see established, as soon as possible, a school board charged with the responsibility of finding the teaching staff for all elementary schools" 1).

Milner was sterk gekant teen enige vorm van plaaslike beheer [2] en die burokratiese stelsel is dwarsdeur sy regime toegepas, "for the bureaucratic system of administration was continued for political reasons" [3].

Die samestelling van sy voorgenome skoolrade het hy ontleen aan die stelsel van onderwysbeheer in Nieu-Brunswyk, Kanada. In sy rapport, 1900 - 1904, gee hy 'n uittreksel uit die rapport vir 1902 van die Superintendent van daardie onderwysdepartement [4], waarin die vrye verkiesing van skoolrade vir verskillende distrikte as onbevredigend bestempel word en die benoeming en indirekte verkiesing van rade sterk aanbeveel word. Hy beveel aan dat 'n gedeelte van die lede deur die goewerneur-in-rade en die ander gedeelte deur die "County", munisipaliteit, benoem word. Die magte sou wees om onderwysers aan te stel en te ontslaan en 'n belasting aan te beveel by die munisipale raad vir die dekking van onderwysuitgawes [5]. Sargant het dieselfde beginsels aanbeveel as wat in bogenoemde verslag genoem word.

3. <u>Voorbereidings vir die eerste onderwyswetgewing in die kroonkolonie.</u>

Op 8 Februarie 1902 het Milner by wyse van 'n proklamasie [6] alle skoolkommissies, ingestel deur die/........

---

1. T.O.D.-Rapport 1901, 12.
2. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72.
3. Malherbe: Education in South Africa, 315.
4. T.O.D.-Rapport, 1900 - 1904: Bylae XVI, 147 - 149.
5. Id., 146.
6. Proklamasie nommer 9 van 1902.

deur die voormalige regering van die Zuid Afrikaansche Republiek volgens wet nommer 8 van 1892, herroep. Die skoolkommissies sou vanaf datum van proklamasie ophou om te bestaan [1]; alle vaste eiendomme, geregistreer in naam van skoolkommissies, word sonder koste, seëlregte en toestemming van die verbandhouer oorgedra aan die direkteur van onderwys [2]; vervoerbare eiendom word aan die direkteur oorgedra vir gebruik in staatskole, en skulde aangegaan deur skoolkommissies waarvoor bewyse gelewer kon word, sou deur die koloniale tesourier vergoed word [3]. Die direkteur van onderwys is versoek om 'n volledige lys op te stel van skoolkommissies en eiendomme wat deur bogenoemde proklamasie geraak sou word [4]. Hierdie inligting het Sargant binne 'n maand gereed gehad en hy beveel aan dat 'n komitee aangestel word om die oorname te behartig [5].

Omdat privaatskole vinnig ontstaan het, het Sargant vroegtydig voorgestel dat aan hom, onder krygswetregulasies, sekere magte verleen moes word vir die toesig oor privaatskole [6]. Deur bepalings vervat in sy onderwysordonnansie van 1903, het hy ook die nodige reg van toesig oor privaatskole verkry [7].

Met die opheffing van die onderwyswet van 1892 en die verslapping van militêre beheer, het dit nodig geword om 'n nuwe onderwyswetgewing in te stel [8]. Voordat Sargant oorgegaan het tot die samestelling van sy onderwyswet, het hy die grondbeginsels en die beleid wat in die wet beliggaam sou word, deeglik met Milner/........

---

1. Artikel 1.
2. Artikel 2 en 3.
3. Artikel 4 tot 7.
4. Col. Sec. Correspondence: 70/1826/02: Brief Koloniale Sekretaris aan Sargant 26 Februarie 1902.
5. Col. Sec. Correspondence: 77/2842/02: Brief van Sargant aan Koloniale Sekretaris 26 Maart 1902.
6. Col. Sec. Correspondence: 41/5552/02: Minute B23 van Sargant aan die Sekretaris van die Transvaalse Administrasie, 19.
7. Ordonnansie nommer 7 van 1903: artikel 7.
8. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 29.

lik met Milner bespreek [1]. Gedurende die eerste maande van 1902 het Sargant sy pligte so gedelegeer gehad, dat hy tyd kon vind om 'n konseponderwyswet voor te berei wat hy aan die begin van 1903 aan die wetgewende raad kon voorlê vir goedkeuring. Hiervan sê Sargant:

> "There has been no more anxious time during my tenure of office than ensued while the draft was under consideration, first of the one Government and then of the other" [2].

Sargant se konsep is op 25 Februarie 1903 deur die wetgewende raad goedgekeur as Ordonnansie no. 7 van 1903.

4. Ordonnansie no. 7 van 1903.

a. Bepalings wat die grondbeginsels van ouerseggenskap raak.

Behalwe artikel 8 van hierdie ordonnansie, wat 'n direkte bepaling in verband met plaaslike komitees was, was daar ook bepalings in verband met die verantwoordelikheid vir laer onderwys, benoeming van onderwysers, die Hollandse taal en godsdiensonderrig in skole, wat die grondbeginsels van ouerseggenskap geraak het. Aangesien hierdie bepalings in die ordonnansie self vervat is, kon die regulasies in verband met plaaslike adviserende komitees, waarvoor in artikel 8 voorsiening gemaak is, nie die regte gee waarop die Afrikanerbevolking aanspraak gemaak het nie.

Die Afrikanerstandpunt was dat dit die taak van die ouer is om te sorg vir die onderwys van sy kinders [3]. Nou het die staat alle verantwoordelikheid op hom/.........

---

1. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 29.
2. Id., 30. Aanvanklik is daar een onderwyswet vir albei kolonies opgestel. Met die behandeling is daar sekere onderskeide gemaak.
3. Wet no. 1 van 1882, artikel 1.
Wet no. 8 van 1892, artikel 1.
Het Christelijke Schoolblad, 1.11.04.
De handelingen van de zestiende algemene synodale vergadering van die Gereformeerde gemeenten van Zuid-Afrika 1910, artikel 68.
Notulen van de achste synode der Ned. Herv.of Geref. Kerk in Zuid-Afrika 1906, Bylae XXIV E, 226.
Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 26.

likheid op hom geneem [1].

Volgens die nuwe stelsel sou alle onderwysers staatsamptenare word en hulle sou 'n kontrak met die regering aangaan waarin ook hulle diensvoorwaardes bepaal word [2]. As gevolg hiervan het die ouers geen seggenskap by die benoeming van onderwysers gehad nie en het die luitenant-goewerneur op versoeke van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk geantwoord dat ter wille van die doeltreffendheid van die onderwys, dit noodsaaklik was vir die departement om die aanstelling van onderwysers in sy eie hande te behou [3]. Seggenskap by die benoeming van die onderwyser was by die Afrikaner 'n beginselsaak, want daardeur kon hy die gees en rigting van die onderwys vir sy kind bepaal.

Die ordonnansie het voorsiening gemaak vir die onderrig van Hollands vir drie uur per week, indien die ouers dit verlang het [4]. Die Afrikaner self was nie gekant teen die leer van Engels nie, inteendeel, die waarde van die kennis van Engels as wêreldtaal is besef, maar hy wou gelyke regte hê vir die Hollandse taal [5].

Hoewel onderwysers onder gewone omstandighede twee uur per week aan godsdiensonderwys gewy het, is die ouers toegelaat om 'n predikant van hulle kerkgenootskap te vra om 'n uur per week gedurende skoolure godsdiensonderrig aan die kinders van hulle eie geloof te gee.

Ouers het ook die reg gehad om vrystelling van godsdiensonderwys te vra. Godsdiensonderwys kon op versoek van ouers in die Hollandse taal gegee word [6]. Aangesien die ouer nie seggen-

skap by/..........

---

1. Ordonnansie no. 7 van 1903, artikel 1 en 2.
2. Id., artikel 3.
3. Argiefstuk van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Pretoria: S.I. - 7/1903.
   Brief van Arthur Lawley aan die Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk 1903, 103.
4. Ordonnansie no. 7 van 1903, artikel 6.
5. De Vereeniging, 12.8.03.
6. Ordonnansie no. 7 van 1903, artikel 5.

skap by die benoeming van die onderwyser gehad het nie, kon hy nie bepaal of die persoon wat die godsdiensonderwys aan sy kind sou gee van suiwer Christelike oortuiging was nie [1]. Van verskillende kante [2], nie net uit Afrikaanssprekende geledere nie, is beswaar gemaak teen die gee van sektariese onderrig deur kerkleiers gedurende skoolure. Alhoewel die ordonnansie voorsiening gemaak het vir staatsubsidie vir sekere skole onder beheer van godsdienstige liggame [3], het kerkgenootskappe tevergeefs probeer om 'n toelae te verkry vir hulle eie vrye kerkskole [4].

b. Bepalings in verband met plaaslike beheer.

Die ordonnansie handhaaf die beginsel dat laer onderwys die verantwoordelikheid van die staat is. Die beheer was dan ook hoogs gesentraliseerd en berus by die direkteur van onderwys, wat weer teenoor die luitenant-goewerneur-in-rade verantwoordelik is.

Die opsteller van die onderwyswet het geglo aan die oordraging van sekere verantwoordelikhede aan plaaslike liggame. Sy mening was egter dat daar geen plaaslike seggenskap kon wees sonder finansiële verantwoordelikheid nie [5]. Omdat hy hierdie sienswyse toegedaan was, het hy in die ordonnansie voorsiening gemaak vir die instelling van plaaslike

"Consultative/........

---

1. De Volksstem, 3.9.1904.
   The Star, 7.5.1902: Rev. Andrew Broom van die Presbiteriaanse kerk preek teen sektariese onderwys deur predikante.
   Handelingen van de negende Zynode der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika: Bylae XII, 251.
2. Report of the Religious Instruction in Schools Commission, 11 - 15, 260. In hierdie rapport word ook aangehaal van verskillende skoolkomitees wat besluite teen sektariese onderwys deur kerkleiers geneem het.
   Lt. G. 128: 113/8. Telegram Witwatersrand Church Council aan Sir Arthur Lawley, 20.7.04.
3. Ordonnansie no. 7 van 1903, artikel 1c.
4. Col. Sec. Correspondence 19/2357/01. Memo on Denominational Education, 6.6.1901.
5. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 53.

"Consultative and advisory Committees". Die luitenant-goewerneur sou die reg hê om sulke komitees te benoem en hulle funksies en pligte by wyse van regulasie te bepaal [1].

Fabian Ware [2], direkteur van onderwys in Transvaal, wat die onderwysbepalings moes uitvoer, "has always recognised, that although a highly centralised system was inevitable at the outset, such a system could have no claim to permanence, and that the interests of education no less than the tradition of the country demanded that, sooner or later, educational control should be placed in the hands of representative local authorities" [3].

Die goeie voornemens van sowel Sargant as Ware is op die mees besliste wyse deur Milner teengestaan [4]. Ware het egter voortgegaan om onder die ongunstige omstandighede deur middel van regulasies die plaaslike belangstelling in die onderwys te prikkel.

c. Aanleidende oorsake vir die instelling van adviserende komitees.

(1) Navolging van 'n Britse en koloniale stelsel van onderwys.

Sargant self, 'n produk van die Engelse "public school" [5], het op sy reise deur die verskillende Britse kolonies 'n studie gemaak van hulle onderwysstelsels en ook in besondere mate belang gestel in plaaslike beheer in die onderwys. Hy wou graag die Britse onderwysstelsel, met geringe wysigings, oorplaas na die twee nuwe kolonies.

Weens die groot verskil tussen plaaslike omstandighede en dié in Brittanje en sy ander kolonies, kon Sargant nie ver vorder om sy idealistiese onder-

wysstelsel/........

1. Ordonnansie no. 7 van 1903: artikel 8.
2. Goew. Gazette: (a) Goewermentskennisgewing 246/1901: F. Ware aangestel as assistent-direkteur van onderwys 17/10/01.
(b) Goewermentskennisgewing 666/1903: F. Ware aangestel as direkteur van onderwys 1/7/1903.
3. T.O.D.-Rapport 1903, 3.
4. a. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72.
b. Malherbe: Education in South Africa, 323.
5. Malherbe: a.w., 309.

wysstelsel in die praktyk ten uitvoer te bring nie. Hy het ook teenkanting ondervind uit sy eie geledere [1]. Van sy hele skema vir onderwys op die platteland is net een onderdeel gedeeltelik verwesenlik, naamlik die aanstelling van distrikshoofde aan groter skole. Hierdie distrikshoofde sou in samewerking met die kringinspekteur die plaaslike belange van die onderwys in die kring behartig.

Die pligte van die organiserende inspekteur is duidelik voorgeskryf [2] en die distrikshoof sou hom bystaan in die nakom daarvan, veral deur die skole in die betrokke distrik te besoek en professionele leiding te gee [3]. Die verantwoordelikhede van die inspekteur was in 'n groot mate die pligte wat in die dae van die Zuid Afrikaansche Republiek aan die plaaslike komitees opgedra is.

Hoewel teëgestaan deur Milner, was Sargant oortuig dat, volgens Britse stelsel en ook die stelsel van plaaslike beheer in Kanada, 'n mate van desentralisasie in die onderwysstelsel van Transvaal moes plaasvind. Hy was gekant teen plaaslike beheer deur komitees vir individuele skole met beperkte belange [4]. Hierin is hy gesteun deur Ware, want "the area controlled by such an authority should be so considerable in extent as to preclude the possibility of educational efficiency being impaired through considerations of personal interest or narrow parochial prejudice"./.....

---

1. W. A. Russel, direkteur van onderwys in die Oranje Rivier Kolonie, het Sargant se optrede gekritiseer in 'n geskrif "An answer to the Report of the Director of Education for the Transvaal and the O. R. C."

2. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 17: Sargant het die pligte as volg gestipuleer:
   a. To stimulate the desire for èducation within his own area.
   b. To arrange the conditions on which schools can be started.
   c. To provide teachers and material.
   d. To remove initial causes of friction when the school is opened, and work with the school committee.
   e. To watch over the health and spirits of the teachers.
   f. To perform inspection work proper.

3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroon-Kolonie-periode, 86.

4. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 54.

prejudice" 1).

Ware het ook in sy rapport daarop gewys dat daar te veel administratiewe pligte op die inspekteurs en die distrikshoofde rus en dat sekere verantwoordelikhede deur plaaslike liggame oorgeneem kon word. Hier het hy gedink aan die keuse van geskikte plekke om skole op te rig 2), die voorlopige benoeming van onderwysers en die opwekking van plaaslike belangstelling in die onderwys 3).

(2) Ekonomiese resessie na die oorlog.

Die onderwys het vinnig ontwikkel en gepaard daarmee het ook die sentrale onderwysdepartement uitgebrei 4). Weens 'n ekonomiese krisis in die land moes 'n besnoeiing van personeel in alle staatsdepartemente plaasvind, en as gevolg hiervan is aan die doeltreffende beheer van die onderwys skade berokken. Veral die aansienlike vermindering 5) in die aantal inspekteurs en distrikshoofde het dit onmoontlik gemaak om behoorlike toesig uit te oefen. Die onvermydelike gevolg was dat die beheer oor die onderwys in hierdie tyd aansienlik verslap het en stilstand of agteruitgang ingetree het.

'n Oplossing vir hierdie vraagstuk van personeel kon maklik bewerkstellig word deur die instelling van plaaslike liggame en die toekenning van meer mag aan hulle. Terselfdertyd sou dit ook meer belangstelling

by die/...........

---

1. T.O.D.-Rapport 1903, 3.
2. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904: Bylae XVI. Die idee in verband met die benoeming van skoolraadslede het Sargant van dr. Inch, superintendent van onderwys in Nieu-Brunswyck, Kanada, gekry. Dr. Inch het ook plaaslike verkose liggame vir individuele skole ten sterkste afgekeur.
3. T.O.D.- Rapport 1903, 3.
4. Malherbe: Education in South Africa, 313.
5. Id., 313 - 314. Die volgende tabel dui die vermindering in personeel aan:

| | | 1903. | 1905. |
|---|---|---|---|
| a. | Hoofkantoor Pretoria: | Sekretaris met 22 klerke. | Sekretaris (met laer salaris) en 18 klerke. |
| b. | Takkantoor Johannesburg: | Superintendent met 5 klerke. | Inspekteur en 1 klerk. |
| c. | Distrikte: | 13 inspekteurs, 12 inspeksieklerke en 29 distrikshoofde. | 9 inspekteurs, geen klerke en 12 distrikshoofde. |

by die ouers in die opvoeding van hulle kinders gewek het. Sargant het dan ook besef dat dit veel meer bevorderlik en ekonomies sou wees as plaaslike adviserende skoolkomitees weer in die lewe geroep word wat verantwoordelikheid vir die skole en leerkragte van alle laerskole kon aanvaar. Die skoolkomitees sou ook in 'n aansienlike mate die werksaamhede van die sentrale departement kon verminder [1].

(3) Opkoms van privaatskole volgens die beginsel van plaaslike inisiatief.

Die onderwysbeleid in die kampskole, die herroeping van die onderwyswet van 1892, die ontbinding van die skoolkommissies en die onteiening van eiendomme, het geen twyfel gelaat oor wat die Boere op die gebied van onderwys kon verwag van die nuwe Britse bewind nie. Dit was dan ook die Hollandse kerke wat die belange van die onderwys beskerm het. Op 3 Oktober 1902 het 'n komitee van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk reeds 'n aantal vrae oor die onderwys aan die koloniale sekretaris gestel [2] en 'n paar weke later, op 22 Oktober 1902, is 'n komitee saamgestel vir die behartiging van "Christelik Nationaal Onderwys" [3].

Die besliste optrede van die Hollandse kerkleiers het Sargant laat dink aan die "remarkable analogies between the action of the Dutch church at this time, and the action of the Anglican Church at various crises in the educational history of England" [4]. Hy besef dan ook dat rekening gehou moet word met die tradisie van die volk wat betref plaaslike seggenskap in onderwys. Volgens sy mening is die Afrikanervolk ook begerig dat daar uiteindelik 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk moet wees, "but in the attainment of that end they fear the obliteration of all that is best in Africander traditions, just

as the/.........

---

1. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 324.
2. Col. Sec. Correspondence 17543/03.
3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroon-Kolonie-periode, 239.
4. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 53.

as the British dread the loss of that which is distinctly English" [1]. Hy sien dus ook die instelling van plaaslike beheer vanuit 'n politieke standpunt en daarom bestaan daar vir hom geen afdoende besware teen die geleidelike oordraging van magte aan die plaaslike gemeenskap nie. In ruil vir sodanige magte moet die gemeenskap dan ook van die finansiële laste oorneem [2].

d. <u>Adviserende skoolkommissies</u>.

Faktore met 'n prinsipiële, ekonomiese en politieke oorsprong het daartoe aanleiding gegee dat gedurende die tweede helfte van 1903 uitvoering gegee is aan artikel 8 van ordonnansie no. 7 van 1903. Op 14 Augustus 1903 is deur goewermentskennisgewing no. 860 van 1903 regulasies afgekondig vir adviserende skoolkommissies.

(1) <u>Voorbereidings vir die instelling van adviserende skoolkommissies</u>.

Nog voordat enige regulasies uitgevaardig is in verband met die instelling van adviserende skoolkommissies, soos bepaal in artikel 8 van Sargant se onderwysordonnansie, het Ware in 'n omsendbrief [3] aan inspekteurs opdrag gegee om kwartaallikse ouervergaderings te hou met die ouers van die verskillende skole. Hierdie opdrag moes so spoedig moontlik uitgevoer word, want "these meetings being intended to pave the way for the appointment of school committees - probably only in the case of schools with an average attendance of more than 100 scholars - in the near future".

Die sukses van hierdie vergaderings sou afhang van die wyse waarop die inspekteur as voorsitter sy magte sou uitoefen. Gesonde oordeel en kennis van plaaslike omstandighede moes die inspekteur in sy optrede beïnvloed. As leidraad het Ware twee beginsels neergelê: eerstens moes aan die ouers alle moontlike geleenthede gebied word vir aktiewe samewerking in/.......

1. T.O.D. - Rapport 1900 - 1904, 54.
2. Id., 53.
3. Id., Bylae S. In hierdie bylae is die omsendbrief sowel as die regulasies vir die ouervergaderings vervat.

werking in sake soos die gebruik van skoolgeboue buite skoolure, die verfraaiing en versiering van skoolgeboue en -terreine, die organisering van aandklasse vir industriële en huishoudkundige opleiding vir volwassenes, skoolbesoek, vervoer van liggaamlik gebrekkiges of kinders wat meer as twee myl van die skool af woon, uitstallings van skoolwerk, onthaal van kinders by die hou van skoolsportbyeenkomste, uitsluiting van Kleurlinge uit blanke skole, toekenning van 'n vakansiedag om bome te plant en die vasstelling van skoolure in ooreenstemming met departementele regulasies. Enige koste aangegaan om bogenoemde sake uit te voer, moes deur die ouers self gedra word.

In die tweede plek moes hy besondere aandag skenk aan enige klagtes wat ouers mag opper in verband met die aard van godsdiensonderrig, wangedrag van die onderwysers, algemene ordelikheid en netheid van kinders, verwaarlosing van skoolgeboue. Verder moes die inspekteur ook die ouers raadpleeg met betrekking tot die fasiliteite wat volgens hulle begeerte aan predikante gebied moet word om te verseker dat skoolkinders die sondagskool van hulle onderskeie kerke besoek, voorberei kon word vir die aflegging van die belydenis, beskerm kon word teen alle moontlike gevare van kerkvervreemding.

Uit die regulasies wat die ouervergaderings beheer, is die volgende van belang: Vergaderings moes kwartaalliks gehou word onder voorsitterskap van die inspekteur of een van sy distrikshoofde, wat nie die plaaslike hoof mag wees nie. Die plaaslike hoof moet ten minste twee weke voor die vergadering aan alle ouers en voogde, wat alleen die reg het om vergaderings by te woon, kennis gee van sodanige vergadering. Die ouers self sal die sekretaris, wat ook die skoolhoof mag wees, aanwys. Hy moes die notule hou van alle verrigtinge en besluite wat op elke vergadering geneem word, asook 'n lys van name van persone wat teenwoordig was. 'n Afskrif van die notule, geteken deur die voorsitter, moet aan die direkteur van onderwys gestuur word. Die inspekteur, of sy

verteenwoordiger/.....

verteenwoordiger, mag enige besluite in verband met sake waarvoor regulasies bestaan goedkeur en in werking stel. Besluite en aanbevelings wat hy hom nie gemagtig voel om goed te keur nie, moet hy vir oorweging aan die direkteur voorlê.

Soos Ware in sy omsendbrief voorspel het, is regulasies neergelê vir die verkiesing van skoolkommissies vir skole met 100 en meer leerlinge op die rol. By skole waar skoolkommissies ingestel is, is die ouervergaderings slegs eenmaal per jaar gehou om die skoolkommissies te kies. By die kleiner skole het die ouerbyeenkomste voortbestaan "and are proving most successful in promoting confidence between the department and the people" [1]. Hierdie verklaring werp nuwe lig op die doel en oogmerke van die instelling van ouerbyeenkomste. Aanvanklik sou die vergaderings die weg baan vir die instelling van adviserende skoolkommissies, maar nou word dit die kweekplek van vertroue wat die regering so broodnodig het om met sy onderwysbeleid voort te gaan. Uit die opdragte aan die voorsitters blyk dit ook duidelik dat die regering die gevoelens van die bevolking wou pols ten opsigte van sekere belangrike beleidsake soos godsdiensonderwys en die oordeel van die skoolouers oor die onderwyser. Verder moes die inspekteur alles in sy vermoë doen om die ouers onder die indruk te bring van wat die departement bereid was om vir hulle te doen deur raadpleging en voorsiening van fasiliteite aan die predikante om die geestelike belange van die kinders te beskerm. Ja, die ouer moes selfs finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir die voorreg om sekere vrywillige pligte by die skole uit te voer.

(2) <u>Regulasies [2] wat die funksies en pligte van skoolkomitees bepaal</u>.

Gedurende die laaste kwartaal van 1903 is vir alle skole [3] met meer as 100 leerlinge adviserende/.......

1. T.O.D.-Rapport 1903, 3.
2. Gov. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 860/1903 gedateer 14 Augustus 1903.
3. Skole in Johannesburg en Pretoria is nie ingesluit nie.

adviserende skoolkommissies gekies. Hierdie verkiesing sou jaarliks onder voorsitterskap van die direkteur van onderwys of die distriksinspekteur plaasvind. Vaders of wettige voogde van alle leerlinge en donateurs van nie minder as £5 tot die skoolfonds nie, was stemgeregtig. 'n Komitee van 5 tot 12 lede sou gekies word vir een jaar, uit blanke manlike lede woonagtig binne die skoolgebied en wat nie amptenare van die onderwysdepartement is nie. Die helfte van die lede sou 'n kworum vorm en indien 'n lid vir drie agtereenvolgende vergaderings afwesig is, sou sy lidmaatskap ipso facto verval en moes die sekretaris die distriksinspekteur daarvan in kennis stel. Die komiteevergaderings moes ten minste een maal per kwartaal plaasvind, en tydens die eerste vergadering moes die komitee 'n voorsitter, 'n sekretaris en penningmeester kies. Laasgenoemde twee ampte kon deur een persoon beklee word. Die pligte van die sekretaris sou wees om aan alle lede ten minste veertien dae voor die tyd, kennis te gee van die plek en tyd waar die volgende vergadering gehou sou word, hy moes behoorlik notule hou van alle vergaderings, die name van teenwoordige lede notuleer asook alle besluite met die name van die lede wat vir en teen sodanige besluit gestem het. Afskrifte van notules moes onmiddellik na afloop van elke vergadering aan die distriksinspekteur gestuur word. Die penningmeester moes 'n afsonderlike finansiële staat hou vir alle ontvangste uit privaat bronne vir doeleindes soos voorgeskryf onder die pligte van skoolkomitees [1]. Aan die einde van elke diensjaar moes die komitee 'n jaarverslag saamstel, wat tesame met die geouditeerde finansiële verslae aan die distriksinspekteur gestuur moes word. Indien 'n komitee versuim om 'n geldige kwartaallikse vergadering te hou, moes die sekretaris die inspekteur in kennis stel en op aanbeveling van die direkteur van onderwys kon die luitenant-goewerneur die komitee ontbind. Die luitenant-

goewerneur/.........

1. Die pligte van skoolkomitees word hieronder beskryf.

goewerneur kon op aanbeveling van die direkteur van onderwys 'n skoolkomitee ontbind indien die skoolbesoek vir enige kwartaal benede die honderd daal. Op sy beurt moes die distriksinspekteur die direkteur van onderwys in kennis stel indien die lidmaatskap van 'n komiteelid verval, 'n komitee versuim om 'n geldige vergadering te hou of as die skoolbesoek benede die 100 daal en aan hom alle notules, jaarverslae en finansiële state stuur.

Die pligte van skoolkomitees is ewe volledig in die regulasies vasgelê.

Uit die lede van die komitee moes drie skoolbesoekers aangestel word of, indien die komitee dit so verkies, twee komiteelede en een moeder wat in die skooldistrik woonagtig is. Die komitee het binne sowel as buite skoolure die reg van toegang tot die skool, maar die lede moes hulle nie bemoei met die skoolwerk of selfs enige ongerief in die skool veroorsaak nie. Een van die pligte sou wees om klagtes, wat skriftelik ingedien moet word, te ondersoek en die egtheid daarvan vas te stel. Die volgende klagtes kon die aandag van die komitee geniet:

(a) die aard van godsdiensonderrig in die skool en enige invloede wat daartoe mag bydra om kinders van die godsdienstige instellinge waaraan hulle ouers behoort te vervreem;

(b) beweerde onbevoegdheid van onderwysers;

(c) wangedrag van onderwysers en mishandeling van leerlinge;

(d) verwaarlosing van terrein en geboue en slordigheid van leerlinge;

(e) alle sake wat die skool of leerlinge kon benadeel.

Die komitee moes die klagtes ondersoek en, indien nodig, na die inspekteur verwys vir verdere ondersoek en optrede. Die inspekteur moes die klagtes met sy bevindings aan die direkteur stuur.

Die komitee moes twee keer per jaar 'n vergadering van ouers en manlike voogde byeenroep en een keer per jaar moes 'n uitstalling van die werk van die leerlinge gehou word.

Skoolbywoning/......

Skoolbywoning en gereelde skoolbesoek moes deur die komitee aangemoedig word. Aan die end van elke jaar moes die komitee opgawes aan die inspekteur voorlê wat sou aantoon hoeveel kinders onder die ouderdom van veertien jaar 'n goewermentskool of 'n privaatskool besoek, tuis onderrig ontvang of geen onderwys nie. In laasgenoemde geval moet vermeld word om watter redes hulle nie 'n skool besoek nie, hetsy as gevolg van afstand van die skool, onverskilligheid van die ouer of indiensneming. Die inspekteur moes die gegewens van die verskillende skoolkomitees tabuleer en saam met sy bevindinge aan die direkteur stuur.

Die komitee moes reëlings tref vir die vervoer van leerlinge wat meer as twee myl van die skool af woon of wat weens fisiese gebreke nie by die skool kon kom nie. Die penningmeester moes verslag doen van alle fondse vir hierdie doel uit privaatbronne verkry.

Die komitee kon aanbevelings aan die inspekteur voorlê met betrekking tot die vergroting en verbetering van die skoolgeboue en terrein. Sodanige verbeteringe mag ook voorsiening van prente, klaskamerversiering en aanplant van bome insluit. Fondse hiervoor moes die komitee egter self vind en daarvan rekenskap gee aan die inspekteur.

Reg word aan die komitee verleen om die skoolgeboue en terrein buite skoolure te gebruik vir Sondagskoolbyeenkomste, aannemingklasse en ander gepaste aangeleenthede. Daar moes egter rekening gehou word met die gerief van die onderwysers, die netheid van die gebou en die behoorlike terugplasing van die meubels. Indien die skool vir 'n spesiale geleentheid beskikbaar gestel word, moet die sekretaris die hoof ten minste veertien dae voor die tyd daarvan verwittig, met opgawe van besonderhede waarvoor die geboue gebruik gaan word. Indien die hoof enige besware het, moes hy sy besware aan die inspekteur voorlê, wat, indien hy die besware onderskryf, dit na die direkteur van onderwys moes verwys.

Die komitee kon verantwoordelik gestel word vir die hele bestuur van nie-sektariese koshuise vir

plaas- of/........

plaas- of weeskinders wat aan die skool verbonde is. Die uitvoering hiervan sou onderhewig wees aan die regulasies vir die beheer van toelaes aan sulke inrigtings.

Aanbevelings vir die instelling van aandklasse vir elementêre onderrig aan volwassenes, asook die stigting van industriële, landboukundige, huishoudkundige en gesondheidsonderwys vir kinders of volwassenes, moes aan die inspekteur voorgelê word.

Die skoolkomitee in samewerking met die inspekteur kon leerlinge aanbeveel vir mededinging om gratis losiesbeurse by denominasionale of nie-denominasionale koshuise, hoërskoolbeurse of toekennings vir studentonderwysers. Een dag per jaar sal deur die komitee afgesonder word as 'n boomplantdag ("Arbor Day"). Op hierdie dag sal ouers en leerlinge by die skool bome plant.

Die komitee kon die inspekteur vra om die openings- en sluitingsure asook skoolvakansies te verskuif, solank so 'n verskuiwing nie strydig is met die regulasies nie.

Ten slotte moes die skoolkomitee, in samewerking met die hoof, reëlings tref vir die hou van sportbyeenkomste en onthale vir die kinders. Die penningmeester moes behoorlik boekhou van alle inkomstes en uitgawes van gelde verkry uit privaatbronne [1)].

(3) <u>Wysiging en aanvulling van regulasies vir adviserende skoolkomitees</u>.

Nadat skoolkomitees ingestel is vir alle buiteskole met 'n inskrywing van honderd leerlinge, is 'n verdere toegewing gemaak en die vereiste getal leerlinge verminder tot sestig [2)].

Gedurende/.....

1. Hierdie regulasies is onderteken deur Fabian Ware, direkteur van onderwys, en in die goewermentsgazette gepubliseer as goewermentskennisgeming no. 860 van 1903. Ook opgeneem as bylae T in die rapport van die Direkteur vir 1903. Sien ook Col. Sec. Correspondence 7688/03, Ordinances of the Transvaal, 1903 en De Volkstem van 8.8.03.

2. Ex. C. Minutes, July - December 1904: Besluit 863,71.
Gov. Gazette: Goewermentskennisgewing 1003/1904, 16.9.04.

Gedurende September 1904 is ook regulasies uitgevaardig waarin die bepalings in verband met skoolvakansies neergelê word [1]. Volgens hierdie regulasies kon die direkteur van onderwys op aanbeveling van die skoolkomitee skoolvakansies vir buiteskole reël om aan te pas by plaaslike omstandighede. Vir skole wat nie 'n skoolkomitee het nie, moes die distriksinspekteur tydens 'n ouervergadering met die ouers onderhandel oor geskikte vakansietye. Die aanbevelings van ouers en komitees moes rekening hou met die besonderhede in verband met vakansies soos neergelê in die regulasies, byvoorbeeld met die aantal dae beskikbaar vir vakansies. Hierdie vergunning is gemaak om kinders in staat te stel om hulle ouers te help gedurende tye van groter aktiwiteite op die plase.

(4) Adviserende skoolkomitees in die praktyk.

(a) Die instelling van adviserende skoolkomitees.

Gedurende die tweede helfte [2] van 1903 is by die derde kwartaallikse ouervergadering adviserende skoolkomitees gekies vir die bestuur van buiteskole met 'n inskrywing van minstens honderd leerlinge. Volgens Ware, direkteur van onderwys, het daar teen die einde van 1903 twee-en-twintig sulke skole bestaan [3].

Met die/.......

1. Gov. Gazette: Goewermentskennisgewing 1050/1904, 30.9.04.
Ordonnansie no. 7 van 1903, artikel 4, bepaal dat skoolvakansies deur die luitenant-goewerneur-in-rade vasgestel sal word.

2. Regulasies vir skoolkomitees is op 14.8.1903 geproklameer en pas daarna is die eerste komitees gekies. Volgens Dippenaar: Die Onderwys van Blankes in Krugersdorp, 113, is die eerste skoolkomitee vir die Krugersdorpse skool (op die dorp) gekies op 28.8.1903.
Van der Merwe: Die Onderwys van Blankes in Rustenburg, 125, maak melding van 'n skoolkomiteevergadering op 7.11.1903. Dit was waarskynlik nie die eerste vergadering van hierdie komitee nie.
C. Mills, inspekteur van onderwys, meld in sy verslag dat 'n skoolkomitee vir Barberton op 31.8.1903 gekies is.

3. T.O.D.-Rapport 1903, 3 - 4.

Met die verkiesing van hierdie komitees het sake nie altyd so vlot verloop nie. Inspekteur J. H. Corbett kla in sy rapport "(that) in Klerksdorp I have had infinite difficulty in securing even one Committee, that for the Old Town School" [1].

Uit die samestelling van skoolkomitees blyk dit dat by sekere komitees 'n groot persentasie van die lede Engelssprekend was [2]. Inspekteur J. D. Kerrich meld in sy verslag dat die komitee te Volksrust grotendeels uit Hollandssprekendes bestaan het, terwyl dié te Wakkerstroom "contains a large proportion of the English element" [3]. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat die Afrikaner nog afsydig gestaan het teenoor die staatsonderwys en dat die leiers onder die volk hulle lot ingewerp het by die C.N.O.-beweging.

Alhoewel daar nie vir kleiner skole komitees gekies is nie, moes die inspekteur, as voorsitter van die ouervergaderings, die ouers aanmoedig om in dieselfde aangeleenthede belang te stel as wat voorgeskryf is in die regulasies vir skoolkomitees. So het die ouers dan, deur besluite geneem op ouervergaderings, opgetree en die funksie van die skoolkomitees vervul. In die geval van twintig kleiner skole, waar geen skoolkomitee bestaan het nie, het die ouers byvoorbeeld besoekkomitees benoem om hulle belange te behartig [4].

(b) <u>Werksaamhede van skoolkomitees</u>.

Oor die algemeen het die komitees doeltreffend gefunksioneer; "they have, however, occasionally/.......

1. T.O.D.-Rapport 1903, 4.
2. Dippenaar: Die onderwys van Blankes in Krugersdorp, 113. Lede van die skoolkomitee vir die Krugersdorpse dorpskool was P. S. May (voorsitter), eerw. J. W. Jordaan, ds. G. Radloff, J. R. L. Tindall, E. J. R. Holmes, D. McCormick, Williams en G. V. Figulas.
Van der Merwe: Die Onderwys van Blankes in Rustenburg, 125. Eerste skoolkommissie: J. N. O. Sangers (voorsitter), J. C. Brink, W. I. Dawes, Geo. H. Topper, G. A. Robinson, W. Stephan en W. F. van Velden (sekretaris).
3. T.O.D.-Rapport 1903, 5.
4. Id., 4.

occasionally given evidence of certain sensitiveness in regard to the present limitation of their powers. Several of the powers which they possess, such as the arrangement of exhibitions, the award of prizes, etc., imply a small amount of expenditure, and it is discouraging to find that, with a few noteworthy exceptions, little desire has been evinced to assume such powers" [1].

Uit die beskikbare inligting wat verkry kon word, asook uit die inspekteursverslae, blyk dit dat akkommodasie een van die vraagstukke was wat ouers sowel as skoolkomitees druk besig gehou het. Van verskillende kante [2] het klagtes gekom oor gebrekkige akkommodasie en is petisies ingedien by die luitenant-goewerneur om te vra vir die oprigting van doeltreffende skoolgeboue. ŉ Petisie, onderteken deur 955 inwoners van Randfontein wat voldoende skoolakkommodasie eis, is op 22 September 1903 by die luitenant-goewerneur ingedien [3].

Die skoolkomitee van die Hartebeestfonteinse goewermentskool, distrik Klerksdorp, het self planne geteken van ŉ skoolgebou wat hulle graag wou oprig teen ŉ tenderprys van £1,156. Die provinsiale argi-

tek het/.......

1. T.O.D.-Rapport 1903, 3. F. Ware se opmerkinge oor die adviserende skoolkomitees.
2. Ex. C. Minutes, 17.5.05. Die petisie van die skoolkomitee van Barberton word deur die Uitvoerende Raad behandel en daar word besluit dat, sodra fondse beskikbaar is, aandag aan akkommodasie gegee sal word. Besluit 853/05.
Lt. G. 128/114/53: Brief van die Luitenant-Goewerneur aan die assistent-magistraat van Klerksdorp, dat die saak aandag geniet 21.7.04.
Lt. G. 129/114/1: Die voorlopige komitee vir die skole Jachtfontein 99 en Modderfontein 362 kla dat ŉ skool van sestig leerlinge in ŉ markeetent gehuisves is en dat geen gehoor aan hulle vertoë gegee word nie. Dit blyk egter dat hulle vertoë tot die verkeerde adres gerig is, daar hulle aan die "District School Board" geskrywe het. Destyds was daar geen skoolrade gewees nie. Brief aan luitenant-goewerneur 2/9/03.
3. Lt. G. 129/114/6: Volledige brief in argief.

tek het nie genoë geneem met die planne [1] nie en ander voorgestel teen 'n baie hoër koste. Die skoolkomitee wou egter nie afsien van hulle reëling nie, en eers na 'n lang briefwisseling met die luitenant-goewerneur het hulle die voorstelle van die provinsiale argitek aanvaar. Toe die oprigting van die gebou te lank gesloer het, het die sekretaris van die skoolkomitee (P. J. Jooste, C. Seun) onder andere die volgende aan die luitenant-goewerneur geskrywe:

> "There is another important reason why I and the other loyal subjects wish the affair settled as soon as can be; vid. - - - - the local 'Kerkraad' contemplates building a school for C.N.O." [2].

Die regering was nie in 'n benydenswaardige posisie nie, want die staatskole het vinnig uitgebrei en die kolonie se finansiële posisie was nie gesond nie.

'n Baie teer saak vir die ouers en die skoolkomitees was dat hulle geen seggenskap gehad het by die benoeming van onderwysers nie [3]. Reeds op 16 Januarie 1904 het die skoolkommissie van die Rustenburgse Goewermentskool bedank omdat die departement hulle nie geraadpleeg het in verband met 'n sekere benoeming nie. Die direkteur sou ten tye van 'n vergadering te Rustenburg 'n plegtige versekering gegee het dat hy nie die aanstelling sou maak sonder oorlegpleging met die skoolkomitee nie [4].

Inspekteur E. Garnett van die inspeksiekring Krugersdorp en Potchefstroom maak melding van die groot belangstelling van ouers by sommige skole. Te Potchefstroom en Klerksdorp is by 'n ouervergadering ses pryse uitgeloof aan kinders, en het die direkteure van die Potchefstroom-Klerksdorpse boerevereniging 'n waardevolle reeks beurse en pryse aangebied aan die

vyf skole/........

---

1. Lt. G. 131/114/53: Volgens die sketsplan was die voorgestelde gebou heeltemal ondoeltreffend. Daar was drie klaskamers, elk met 'n klein venstertjie en die toegang tot twee klaskamers is verleen vanuit 'n gesamentlike kleedkamer. Toegang tot die middelste klaskamer kon slegs verkry word deur een van die ander klaskamers .

2. Lt. G. 131/114/53: Brief van Jooste aan die luitenant-goewerneur, 13.6.05.

3. T.O.D.-Rapport 1903, 4.

4. Van der Merwe: Die onderwys van blankes in Rustenburg, 127.

vyf skole in die omgewing van Potchefstroom. Die besturende direkteur van bogenoemde vereniging het ook 'n Kersonthaal vir die kinders gereël. By ander skole, weer, het die ouers die skoolterrein omhein om boomaanplanting te bevorder [1].

Van die 22 komitees het 15 sekere magte gedelegeer aan besoek- en skoolbesoek-subkomitees soos voorgeskryf in die regulasies [2]. Van die besoekkomitees verklaar inspekteur H. S. Scott (Standerton en Ermelo) "(that) these bodies certainly keep a teacher and an inspector vigilant and prevent any slackness on the part of either" [3]. Te Barberton het die skoolkomitee maandeliks 'n besoeksubkomitee gekies wat een maal per maand 'n verrassingsbesoek by die skool moes aflê, want "it helps to keep the teacher on the alert as regards sanitary matters and the cleanliness and tidiness of the building" [4]. Waar daar geen subkomitees bestaan het nie, het die ouers dikwels self die skool besoek met die versoek "to listen while one or other lesson is in progress" [5]. Die skoolbesoekkomitees moes 'n wakende oog hou oor kinders wat nie 'n skool besoek nie of ongereeld besoek het.

Die subkomitees het belangrike werk gehad om te doen, want uit 'n geskatte totaal van 46,500 kinders tussen 4 en 14 jaar, het ongeveer 16,000 nie 'n skool besoek nie. Hierdie verskynsel was te wyte aan die onwil van ouers om hulle kinders na 'n skool te stuur, armoede en swak klere, indiensneming as arbeiders op lae ouderdom en die feit dat skole alleen gestig kon word met 'n minimum inskrywing van 30 leerlinge. Baie skole moes weer gesluit word omdat ouers rondgetrek het weens droogtes, weens tweedrag tussen National Scouts en Bittereinders, teenstand teen die

onderwysbeleid/.......

1. T.O.D.-Rapport 1903, 5.
2. Id., 4.
3. Id., 5.
4. Id., 4.
5. Id., 5. Inspekteur C. Mansfield (Pretoriase distrik). In hierdie kring was daar nie skole met 'n inskrywing van 100 leerlinge nie.

onderwysbeleid wat die ouerseggenskap ontneem het by die benoeming van onderwysers en as gevolg van geskille oor die plek waar skole opgerig moes word [1].

Om die kinders van afgeleë plekke in staat te stel om 'n skool te besoek, het die regering regulasies geproklameer wat aan die plaaslike komitees toelaes toeken vir die oprigting van koshuise in plattelandse distrikte. Die plaaslike komitee, of waar 'n skool groot genoeg is, die skoolkomitee, kon koshuise oprig by goewermentskole. Die regering sou 'n rentevrye voorskot van £300 gee vir die oprigting van 'n gebou, wat die eiendom van die onderwysdepartement bly totdat die lening terugbetaal is.

By voorlegging van die name van leerlinge wat vir ten minste ses maande by die koshuis ingewoon het, sou die direkteur van onderwys 'n toelae van £1 per loseerder per jaar aan die komitee toeken. Die komitee moes verder alle verantwoordelikheid vir die beheer, bestuur en onderhoud van die koshuis aanvaar [2]. Van hierdie koshuise het nie veel tereg gekom nie omdat die toelaes ontoereikend was.

Die regte van die Hollandse taal het ook ter sprake gekom by skoolkomitee- en ouervergaderings. Volgens inspekteur C. Mansfield [3] was daar selde 'n vergadering waar daar nie navraag gedoen is in verband met die onderrig van Hollands nie. Inspekteur H. S. Scott reken dat baie klagtes by vergaderings uitgeskakel sou gewees het "if it were possible to

convince/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1903, 7 - 8.
2. Id., 9.
3. Id., 5. "A question as to the teaching of Dutch was seldom ommitted, but satisfaction was generally shown when our intention of giving one hour per day of instruction by a qualified teacher to each class was announced. The difficulty of procuring qualified teachers of Dutch in this country at present time is generally realised". Hier het Mansfield Sargant se politiek gevolg deur die twee uur per week wat vir Bybelonderrig bedoel was, as vir die onderrig van Hollands te beskou.

convince the people that no effort is being made to evade the Ordinance in regard to the teaching of Dutch" [1]. Ook in die inspeksiekring van J. D. Kerrich is daar van tyd tot tyd eise gestel vir meer onderrig in Hollands [2].

Deur die bril van die onderwysdepartement gesien, was die komitees 'n waardevolle aanwins [3], hoewel inspekteurs onderling verskil het oor die bydraes wat gelewer is deur dié liggame. Van die skoolkomitees te Christiana, Schweizer-Reneke, Wolmaransstad en Klerksdorp het net één, nl., dié te Christiana, enige lewenskrag aan die dag gelê. Die oud-landdros was die voorsitter en ds. K. T. van den Heever die sekretaris. Die voorsitter het sy mening op besliste wyse uitgespreek dat die ordonnansie geen magte aan die komitees toeken nie en dat dit die oorsaak is waarom invloedryke persone hulle nie verkiesbaar stel nie. Inspekteur J. H. Corbett is dan ook van mening dat die tyd nog nie ryp is vir die herlewing van die skoolkomitees nie, en dat sonder die mag van die beurs geen komitee homself as 'n volwaardige en energieke organisasie kan beskou nie. Hy voel dan ook dat komitees liewers vir 'n dorp en nie vir 'n individuele skool gekies moet word nie [4].

Vir die onderwysdepartement het die skoolkomitees goeie dienste gelewer, deur die ouers se belangstelling op te wek vir die werk in die skole, nouer samewerking te bewerkstellig tussen die inspekteur, hoof en ouers, te dien as klep waar griewe gelug kon word en ter-

selfdertyd/........

1. T.O.D.-Rapport 1903, 5.
2. Ibid: "On several occasions, too, a demand has been voiced for more Dutch teaching than is allowed by the Education Ordinance, but when it has been explained that this is contrary to the law there has been no disposition to press the matter".
3. Id., 4: Inspekteur H. P. Mills (Barberton) sê van die skoolkomitee: "This Committee, the composition of which is thoroughly representative, has already proved itself in every way highly satisfactory, and has been a great help to me in my work as inspector".
4. Ibid.

selfdertyd as kanaal waardeur die owerhede hulle onderwyspolitiek aan die ouers kon oordra.

5. Die Selborne-Minute van 17 November 1905.

a. Inleiding.

Gedurende die jaar 1905 het 'n paar gebeurtenisse plaasgevind wat die onderwysbeleid in Transvaal aansienlik ten goede beïnvloed het.

(1) Lord Selborne vervang Lord Milner.

Nadat die Transvaal vir byna drie jaar onder die stelsel van kroonkoloniale regering gestaan het, het die Engelse regering besluit om aan die Transvaal verteenwoordigende bestuur toe te staan. Op 31 Maart 1905 het die verantwoordelike gesagvoerders gevolglik 'n wetgewende vergadering in die Transvaal in die lewe geroep wat uit 6 tot 9 beamptes en van 30 tot 35 verkose lede sou bestaan.

Voor die nuwe konstitusie egter in werking kon tree, het daar 'n verandering in die Engelse regering plaasgevind. Sir H. Campbell-Bannerman, die nuwe regeringshoof en vorige leier van die opposisie, het reeds gedurende die oorlog gepoog om die Britse regering te oorreed om die vyandighede teen die Boererepublieke te staak en Milner te ontslaan [1]. Hierdie regering sou dus 'n simpatieker houding teenoor die kolonies openbaar. Lord Milner het dan ook in April 1905 sy amp neergelê en is opgevolg deur Lord Selborne, 'n vérsiende en gematigde staatsman wat onmiddellik begin het om die ystergreep van Milner te verslap [2]. Uiteindelik is op 6 Desember 1906 aan die Transvaal verantwoordelike bestuur toegeken [3]. By die samestelling van die nuwe regering het Lord Selborne goewerneur, genl. L. Botha eerste minister en genl. J. C. Smuts koloniale sekretaris geword.

(2) Sir John E. Adamson word direkteur van onderwys.

Na die bedanking van Ware in Februarie 1905 het/........

---

1. The Star, 4.1.1902.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 84.
3. Cd. 3250: Letters patent and Instructions relating to the Transvaal. Transvaal Constitution, 1906.

1905 het die sekretaris van onderwys, H. Warre-Cornish, waargeneem as direkteur totdat J. E. Adamson op 13 Julie 1905 benoem is as waarnemende direkteur en op 24 Januarie 1906 as direkteur van onderwys [1].

Adamson, vroeëre hoof van die Pretoriase Normaalkollege, was nie ongewild by die Afrikaanse onderwysmanne nie. Hy "staat bekend als een kalm, bezadigd en bekwaam man, als iemand die zijn best doet de taal van 't land te leren; goed pedagoog die ook het goede wil zien in 't onderwys van vroeger; geen clean slateman a la Sargant........ Waar ons beginsel strijdt met het stelsel, dat hy dient, staan we tegenover hem, als pedagoog begroeten we hem gaarne" [2]. Ook De Vereeniging, orgaan van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, skryf dat hy 'n man is wat "wel een weg zal vinden en bij de hooge outoriteiten aanbevelen waarop Boer en Brit tezamen zullen kunnen wandelen om op onze schoolbanken een jong krachtig Zuid-Afrikaansch volk te vormen, dat het goede van de nieuwe bevolking zal willen aannemen zonder zich los te maken van de traditiën en idealen hunner vaderen" [3].

Die nuwe direkteur was 'n sterk voorstander van vry laer onderwys met 'n gesentraliseerde onderwysbestuur [4]. Die laer onderwys in Transvaal moes deur die sentrale regering gefinansier word en enige poging om finansiële verantwoordelikheid aan plaaslike liggame oor te dra het hy heftig teengestaan. Ondervinding het bewys, sê hy, dat sodra plaaslike liggame fondse vir onderwysdoeleindes deur belasting moet in, dan tel besuinigingsoorwegings meer as opvoedkundige waardes en dit lei tot die verlaging van die onderwyspeil. Verder beweer hy dat die onderwyser se posisie onseker sal word as hy gedeeltelik deur plaaslike rade besoldig word, en "the moment education receives support from the rates, it is in the arena of parochial, political and religious controversy: it ceases to be

in any sense/........

1. Gov. Gazette: Goewermentskennisgewings nos. 610 van 1905 en 98 van 1906 respektiewelik.
2. Het Christelijk Schoolblad, 1.8.05.
3. De Vereeniging, 7.9.05.
4. T.O.D.-Rapport 1905 - 06, 8.

in any sense a national affair..........it might become a focus of racial animosity" [1]. Adamson wys ook op die welvarendheids- of behoeftigheidsgraad van die verskillende streke. Johannesburg sou byvoorbeeld genoeg geld kon vind vir die onderwys terwyl Waterberg beswaarlik sou kon voorsien in sy eie behoeftes. Dit sou 'n groot verskil meebring in die onderwysfasiliteite in die verskillende streke.

Adamson was te vinde vir die instelling van plaaslike rade vir verskillende streke, maar dan slegs in adviserende hoedanigheid en sonder enige finansiële verantwoordelikheid. In hierdie beleid is hy gesteun deur P. Duncan, die koloniale sekretaris [2].

(3) Verteenwoordigers van Het Volk-Party onderhandel met Selborne.

Met die koms van Selborne na Transvaal het daar ook nuwe hoop gekom by die Afrikanerleiers en is opnuut pogings aangewend om met die regering te onderhandel. Selborne het dan ook laat blyk dat hy bereid is om meer toegewings te maak as sy voorganger. Die Hoofdkomitee van Het Volk het daarop weer onderhandel oor die moontlike uiteindelike samesmelting van die C.N.O.-stelsel met die regeringsonderwys. Op 1 Augustus 1905 het genl. L. Botha, genl. J. C. Smuts en mnr. Louis Esselen namens Het Volk samesprekings gevoer met Lord Selborne, luitenant-goewerneur Sir Arthur Lawley, koloniale sekretaris P. Duncan en J. E. Adamson, waarnemende direkteur van onderwys [3]. Na afloop van die samesprekings het Botha in 'n brief die volgende breedvoerige uiteensetting insake die onderwys aan die regering voorgelê [4]:

(a) Adviserende skoolrade van nie meer as nege en nie minder nie as ses lede met die magistraat as voorsitter, moes in elke distrik of subdistrik in die lewe geroep word.

(b) Skoolkomiteelede vir die distrik of subdistrik moes die skoolraadslede vir 'n

tydperk/.......

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 06, 118.
2. Debates of the Fifth Session of the Legislative Council of Transvaal 1905, 298 - 300. Toespraak van P. Duncan voor die Wetgewende Raad, 26.7.05.
3. Snyman: Histories-Kritiese studie van die Smuts-Onderwyswet, 195.
4. Ex. C. Correspondence: 94/1115/05 en 94/1125/05. Genl. Botha aan P. Duncan, 29.8.05.

tydperk van drie jaar kies.

(c) Die funksies van die skoolrade sou die volgende wees: Hulle moes algemene toesig hou oor die openbare laerskole van die distrik en dien as 'n kanaal tussen die skoolkomitee en die direkteur van onderwys; hulle moes funksies uitoefen wat die direkteur aan hulle sou opdra; hulle sou seggenskap hê in die aanstelling en ontslag van leerkragte.

(d) Alle openbare laerskole moes onder beheer van 'n skoolkomitee staan.

(e) Skoolkomitees bestaande uit nie minder as ses en nie meer nie as nege lede moes deur die ouers vir drie jaar gekies word. In die geval van nuwe skole kon ouers wat 'n waarborg gee dat hulle kinders die skool sou besoek, aan die verkiesing deelneem. Die verkiesing moes tydens 'n openbare vergadering plaasvind.

(f) Indien ouers van plan was om 'n skool te stig en hulle ten minste dertig kinders vir die doel kon byeenbring, kon hulle met goedkeuring van die skoolraad 'n openbare vergadering hou om 'n skoolkomitee te kies.

(g) Die funksies van die skoolkomitees sou wees: om algemene toesig oor die skool, die geboue en die terrein te hou, onderhewig aan die regulasies van die onderwysdepartement; om die aanstelling en skorsing van onderwysers met goedkeuring van die skoolraad en departement waar te neem; om die sienswyse van ouers in verband met skoolsake aan te hoor en aanbevelings rakende die welsyn van die skool by die skoolraad te maak.

(h) Met die aanstelling van 'n onderwyser moes die skoolkomitee sy aanbevelings aan die skoolraad vir goedkeuring stuur, en laasgenoemde moes dit met die nodige kommentaar aan die departement oordra. Die keuse van die skoolkomitee moes die direkteur tevrede stel met betrekking tot die kwalifikasies en geskiktheid van die onderwyser.

(i) Vir die skorsing van 'n onderwyser moes die naam van die betrokke leerkrag tesame met die redes vir sy ontslag aan die skoolraad verstrek word. Die skoolraad moes dan so 'n saak ondersoek en die aanbeveling van die skoolkomitee bekragtig of afkeur. Hierdie besluite van die skoolraad moes dan na die departement vir bekragtiging gestuur word.

(j) Skoolrade en skoolkomitees moes hulle

eie reglemente/.........

eie reglemente opstel en notules van vergaderings en verrigtings hou, vir watter doel hulle 'n sekretaris moes benoem wat 'n salaris sou ontvang soos deur die direkteur van onderwys goedgekeur.

(k) Die onderwyser moes in oorleg met die skoolkomitee die medium van onderwys vir die laeronderwys bepaal wat in belang van die opvoeding van die kind sou wees. Verskille oor die medium van onderwys moes deur die skoolraad besleg word.

(l) In die laerskole moes eweveel tyd aan die onderrig van Hollands en Engels gewy word. Die direkteur van onderwys moes alles in sy vermoë doen om die doeltreffende onderrig en inspeksie van Hollands te verseker.

(m) Die sekondêre onderwys, nie onder staatsbeheer nie, moes op 'n £-vir-£-basis subsidie ontvang, met dien verstande dat dit die kurrikulum soos voorgeskryf deur die departement sou volg. Hierdie skole sou onderhewig wees aan inspeksie deur die departement.

(n) Weens die uitgestrektheid van die platteland en die karige vervoergeriewe sou dit onmoontlik wees vir kinders om in sekere gebiede 'n skool te besoek indien die minimum inskrywing per skool op dertig leerlinge vasgestel word. Die stigting van privaatskole, nie nader as drie myl van 'n openbare laerskool nie, word aan die hand gedoen. Aan sulke skole moes 'n subsidie betaal word soos vir soortgelyke skole in die Kaap, mits hulle onderhewig is aan inspeksie deur die departement.

(o) Geen skoolboeke wat deur sy vertolking van historiese feite moontlik die gevoelens van enige gedeelte van die leerlinge kon seermaak, sou toegelaat word nie. Die doel van die onderwysdepartement moes wees om by alle leerlinge 'n eerbied vir die verlede, sowel as verdraagsaamheid, samewerking en nasionale selfrespek aan te kweek.

Die regering het die voorstelle van die Het Volkparty oorweeg en daarop 'n "Memorandum on proposed changes in the Administration of the Education Law with a view to a Union of the Schools of the Christian National Education Committee with the Government

System"/.........

System" [1] opgestel. Uit die memorandum blyk tereg ook dat die grootste struikelblok in die weg van samesmelting die kwessie van plaaslike bestuur, veral met betrekking tot die aanstelling van onderwysers, was. Die regering het egter nie sy weg oop gesien vir sulke drastiese veranderinge op onderwysgebied nie. Dáár is aangevoer dat groter seggenskap aan plaaslike liggame gepaard moes gaan met die aanvaarding van groter finansiële verantwoordelikheid deur hulle. Die regering wou egter geen groter finansiële verpligtinge op die reeds verarmde bevolking laai nie. Daar het ook geen plaaslike besture bestaan, behalwe in enkele dorpe, deur wie die belastings gehef kon word nie. Die beginsel van plaaslike belasting was by die bevolking onbekend en is met afkeur bejeën. Deurdat konstitusionele veranderinge in die nabye toekoms verwag kon word, het die regering dit as onbillik beskou dat 'n nie-verteenwoordigende wetgewende raad op daardie tydstip wetgewing kon deurvoer wat deur 'n verteenwoordigende wetgewende vergadering behoort gedoen te word.

Die regering het toe besluit om sekere toegewings te maak wat volgens sy mening die weg tot samewerking sou open:

(a) Die regering was nie bereid om distrikskoolrade in te stel nie, en enige verdere magte wat aan skoolkomitees toegeken sou word, moes beskou word as 'n tydelike administratiewe reëling hangende die instelling van 'n permanente stelsel.

(b) Volgens Ordonnansie no. 7 van 1903 het die luitenant-goewerneur die mag gehad om skoolkomitees in te stel en hulle funksies deur middel van regulasies te bepaal. Die regering sou die reeds bestaande regulasies vir skoolkomitees sodanig wysig dat hulle dieselfde magte sou hê as soortgelyke liggame in die Kaapkolonie.

(c) Die Kaapse Onderwyswet no. 35 van 1905 het die volgende funksies aan skoolkomitees opgedra: algemene toesig oor die skool, insluitende die geboue en terrein; toepassing van regulasies deur die skoolraad of departement aan

hulle/........

1. Ex. C. Correspondence: 94/1125/05, 1.9.05.

hulle opgedra; aanstelling en skorsing van onderwysers onder voorwaardes soos deur die wet bepaal; onderhandeling met verteenwoordigers van ouers; verstrekking van advies aan die skoolraad rakende die welsyn van die skool; erkenning van die skoolregulasies insake godsdiensonderwys. Die enigste belangrike toegewing was die seggenskap by die aanstelling en skorsing van die onderwyser.

(d) Aangesien die Sargant-ordonnansie slegs adviserende liggame geskep het, is dit vanselfsprekend dat plaaslike liggame alleenlik die onderwyser kon kies en aanbeveel vir aanstelling deur die direkteur van onderwys. Die keuse moes gemaak word uit 'n lys van onderwysers goedgekeur deur die direkteur, met die verstandhouding dat die direkteur gebind was om die genomineerde aan te stel, mits hy nie om een of ander rede ongeskik was vir die betrokke skool nie. Totdat 'n permanente benoeming gemaak is, sou die inspekteur 'n tydelike onderwyser benoem.

(e) Die skoolkomitee sou die mag hê om enige onderwyser weens wangedrag te skors. Enige sodanige skorsing moes onmiddellik by die kringinspekteur aangemeld word vir ondersoek. Die finale skorsing berus by die direkteur.

(f) Onder die bestaande wet moes die skoolkomitees deur die luitenant-goewerneur benoem word. Hy sou egter bereid wees om persone wat deur die ouers op 'n openbare vergadering verkies word as lede van 'n skoolkomitee aan te stel.

(g) Skoolkomitees sou nie die reg hê om enige uitgawes aan te gaan vir geboue wat die eiendom van die regering sou bly nie.

(h) Die regering was bereid om in gevalle waar albei tale geleer word, opdragte te gee waardeur ewe veel tyd afgestaan sou word vir die onderrig van Hollands en Engels. Die onderwyser sou volgens eie oordeel die medium van onderrig bepaal waar kinders Engels nie goed verstaan nie. Alle eksamens na standerd drie sou in Engels afgeneem word.

(i) In geval van ooreenkoms sou die C.N.O.-skole, waar moontlik, net so deur die staat oorgeneem word, met inagneming van die kwalifikasies van die personeel.

Adamson, die waarnemende direkteur van onderwys, het op die bogenoemde memorandum 'n belangrike opmerking geskryf wat 'n sterk invloed sou uitoefen op

Selborne/.......

Selborne se onderwysbeleid. Hy het die instelling van adviserende skoolrade, sonder finansiële verantwoordelikheid, bepleit. Hy het voorgestel dat die rade uit vyf lede sou bestaan, waarvan drie lede deur die skoolkomitees verkies en twee deur die luitenant-goewerneur benoem sou word. By die benoeming of skorsing van onderwysers kon die rade voorlopige ondersoek instel en hulle bevindinge aan die departement oordra. Die rade kon ook verhinder dat onderwysers om selfsugtige of seksionele redes deur die skoolkomitees aanbeveel word. Hy het ook verskillende verantwoordelikhede genoem wat aan die skoolrade opgedra kon word om sodoende die werk van die inspekteurs te verlig. Die skoolrade kon dieselfde magte beklee as die skoolrade onder die Kaapse onderwyswet no. 35 van 1905.

Hierop het die prokureur-generaal, Sir Richard Solomon, en die here Duncan en Adamson weer die hoofkomitee van Het Volk ontmoet om verder oor onderwyssake te beraadslaag. 'n Verslag van hierdie samesprekings, tesame met genoemde memorandum, is daarna aan die goewerneur gestuur [1].

Uit die voorgaande blyk dit dat die hoofkomitee van Het Volk ongetwyfeld 'n belangrike bydrae tot die ontstaan van die memorandum gelewer het. Hoewel hierdie onderhandelings nie 'n ooreenkoms tot gevolg gehad het nie, was dit nogtans vir die onderwysontwikkeling van hierdie tyd van die grootste belang, want dit werp lig op die voorgeskiedenis van die Selborne-minute.

(4) <u>Selborne stel persoonlik ondersoek in na onderwystoestande in Transvaalse skole</u>.

Pas na sy aankoms in Transvaal het die nuwe goewerneur 'n toer deur Oos- en Wes-Transvaal onderneem. In die inleidende opmerkinge van sy minute sê hy:

> "I have taken the opportunity - - - to closely investigate the condition and circumstances of every Government School where I had the opportunity of so doing. I have also watched carefully the working of the New Education Ordinance of/.......

1. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 419.

nance of the Orange River Colony" [1].

Hy het ook besonder onder die indruk gekom van die belangstelling van skoolkomitees in hulle werk en die goeie verhouding tussen onderwysers en die komitees [2].

Dr. E. G. Malherbe sê dat Lord Selborne se memorandum 'n uitvloeisel was van sy besoek aan die platteland waar hy verskeie skole besigtig het [3]. In werklikheid het daar meer agter die skerms plaasgevind as wat in die openbaar geblyk het [4]. Waar die onderwysordonnansie van 1903 'n skepping van die imperiale leiers was wat hulle van bo af op die volk wou afdruk [5], was die Selborne-memorandum 'n dokument wat veel meer uit die tydsomstandighede voortgevloei het. Die beraadslagings met 'Het Volk het dan ook vir Lord Selborne as rigsnoer gedien by die opstel van sy memorandum.

Daar word opgemerk dat die hoofkomitee van Het Volk die skoolkomitees met die keuring van die onderwysers wou belas, terwyl die koloniale sekretaris hulle keuse tot die departementele lys van onderwysers beperk het. Laasgenoemde se opvatting sou seëvier. In verband met die voertaal wou die volksleiers dit aan die skoolkomitee in oorleg met die onderwyser oorlaat, terwyl die koloniale sekretaris die onderwyser volmag verleen het om te besluit waar om Hollands te gebruik wanneer leerlinge met die Engelse voertaal moeilikheid ondervind het.

In sy memorandum het die koloniale sekretaris gevoel dat die tyd nog nie ryp was vir die instelling van skoolrade nie, terwyl Adamson dit aanbeveel het.

Hierdie/..........

---

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 06: Bylae III.
2. Ibid.
3. Malherbe: Education in South Africa, 325. "He took great pains to make first-hand acquaintance with the educational conditions of the country and visited schools in various parts. The result of this tour was a Government Minute on Education".
4. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 420.
5. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72.

Hierdie aanbeveling, wat in ooreenstemming was met die gevoel van die verteenwoordigers van Het Volk , is ook deur Selborne in sy minute nagevolg.

Samevattend kan dus vermeld word dat die nuwe Britse regering 'n liberaler beleid gevolg het en gevolglik groter toegewings gemaak het. Hierdie toegeeflike houding het die leiers van Het Volk aangespoor om hulle invloed te laat geld. 'n Gematigde man soos Selborne, met Adamson as direkteur van onderwys, wat uit eie ondervinding deeglike kennis gehad het van onderwystoestande in Transvaal, kon die nuwe onderwysbeleid formuleer soos gepubliseer op 17 November 1905.

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die begeerte om die C.N.O.-skole by die staatsstelsel in te skakel [1] 'n belangrike dryfveer was wat die owerheid tot tegemoetkomendheid aangespoor het. Vandaar dan ook die gewilligheid om met die leiers van Het Volk te onderhandel.

b. Bepalings van die Selborne-Minute.

Dr. Malherbe beweer:

> "The Selborne Minute may with good reason be called the Magna Charta for Transvaal Local Control. - - - Lord Selborne went straight to the heart of the educational difficulty in the Transvaal, viz.: the choice of the teacher by the Local Committee, and the Dutch medium question" 3). [2]

Die Selborne memorandum het onder andere die volgende bepaal:

(1) Verpligte skoolbesoek.

Selborne het aanbeveel dat die wetgewende vergadering 'n wet moet saamstel wat laeronderwys in Transvaal verpligtend maak en die plaaslike gemeenskap verantwoordelik hou vir sekere geldelike bydraes vir die onderwys. Hierdie ontwikkeling moes bloot administratief wees sodat die toekomstige regering

te eniger/........

---

1. Lt. G. 129/114/Gen: Telegram van Selborne aan die staatsekretaris in Londen, 16.9.1905. "I am confident that developments will materially strengthen Government schools and weaken opposition schools".
2. T.O.D.-Rapport 1905 - 06: Bylae III, 157 - 163.
3. Malherbe: Education in South Africa, 326.

te eniger tyd veranderinge hierin kon aanbring.

(2) Skoolkomitees.

Volgens bestaande wetgewing het elke skool met 'n inskrywing van sestig leerlinge 'n skoolkomitee, aanbeveel deur die ouers en aangestel deur die luitenant-goewerneur, gehad. Selborne beveel nou aan dat daar vir elke laerskool 'n komitee gekies en aangestel word. Hierdie aanbeveling word gemaak omdat hy getref is deur die goeie verhouding tussen bestaande komitees, onderwysers en die regering. Hy het gevind dat die komitees groot belangstelling toon in die skool en dat hulle veel bydra tot die sterkte en stabiliteit van die skole. Die uitbreiding van die stelsel van skoolkomitees sal tot groot voordeel wees vir die hele onderwyssisteem.

Die funksies van die komitees kan ook uitgebrei word, met die verstandhouding dat alle funksies en magte slegs gedelegeerde magte sal wees, uitgevoer onder toesig van die onderwysdepartement. Van hulle word verwag om 'n algemene toesig oor hulle bepaalde skole te hou, asook oor die geboue en terrein. Verder kan hulle in 'n direkte raadgewende hoedanigheid by die keuring en aanstelling van leerkragte optree, asook by die skorsing van 'n onderwyser op 'n definitiewe aanklag van sedelike wangedrag. Die ontslag van 'n onderwyser was die prerogratief van die direkteur van onderwys.

(3) Adviserende Skoolrade.

Die stelsel van skoolkomitees sou baie verbeter en die algemene stelsel van onderwys versterk word as adviserende skoolrade vir groter distrikte benoem word om as skakel tussen die onderwysdepartment en die skoolkomitees te dien. Sulke rade moes deur die verskillende skoolkomitees van die distrikte gekies word. Een-derde van die ledetal, wat die magistraat ampshalwe as voorsitter van die raad insluit, moes deur die goewerneur benoem word. Die skoolrade sou net soos die skoolkomitees adviserend wees en slegs daardie funksies vervul waartoe die regering hulle volmag verleen. Ten eerste sou hulle 'n algemene toesig oor die openbare laerskole in die distrik uitoefen en as skakels/......

as skakels tussen die skoolkomitees en die direkteur dien. Verder sou hulle toesig hou oor, en indien nodig, die skoolkomitees adviseer in verband met die skorsing en benoeming van onderwysers.

(4) Die aanstelling van onderwysers.

Selborne het hoë eise aan die onderwyser gestel: Hulle moes onberispelik in hulle gedrag wees, behoorlik gesertifiseer wees en bevoeg vir die werk; daarby moes hulle lojale onderdane van die koning wees. Die aanstelling van onderwysers is dus ŉ saak van die hoogste belang vir die laeronderwys. Die direkteur van onderwys, wat namens die regering handel, is vir die aanstelling en afdanking van onderwysers verantwoordelik, maar in hierdie taak moet hy bygestaan word deur die skoolkomitees en skoolrade, sodat die ouers ook seggenskap kon hê in die keuse van die onderwysers wat hulle kinders moes opvoed. Dit was immers een van die belangrike strydpunte tussen die voorstanders van C.N.O.-skole en die regering. "The educational system would be in every way strengthened by giving to the School Committees and to School Boards a definite and important part in the selection of teachers for appointment by the Director of Education" [1].

Ingeval van ŉ vakature moes dit tydelik aangevul word deur ŉ benoeming deur die inspekteur van die distrik. Die skoolkomitee moes dan uit ŉ lys van gekwalifiseerde kandidate, deur die direkteur verskaf, ŉ kandidaat kies wat volgens eersgenoemde se oordeel die geskikste sou wees vir die betrekking. Hierna word die naam van die gekose kandidaat aan die skoolraad gestuur. Die raad moet dan die naam saam met die opmerkinge daaroor aan die direkteur stuur. Die direkteur moet dan die onderwyser aanstel, tensy hy oortuig is dat die onderwyser nie in alle opsigte vir die betrekking bevoeg is nie. In so ŉ geval kan hy die komitee versoek om ŉ ander keuse te maak. Die direkteur hoef geen rede vir sy handelwyse te verstrek nie, omdat soiets sy gesag en verantwoordelikheid sou ondermyn.

c. Regulasies/......

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 6: Bylae III, 160.

c. Regulasies wat die samestelling en pligte van Skoolkomitees en Skoolrade bepaal [1].

Op 28 Desember 1905 is die regulasies vir skoolkomitees en skoolrade geproklameer as goewermentskennisgewing no. 1117 van 1905. Hierdie regulasies gee 'n breër en omvattender beskrywing van die beginsels uiteengesit in die Selborne-minute.

(1) Die samestelling en kiesing van adviserende skoolkomitees (Artikels 1 - 9).

'n Adviserende skoolkomitee moes gekies en deur die luitenant-goewerneur aangestel word vir elke skool met 'n gemiddelde inskrywing van nie minder as dertig leerlinge vir die jaar wat die verkiesing voorafgegaan het nie. Die getal lede waaruit die skoolkomitee moes bestaan, sou volgens die volgende skaal bepaal word:

Inskrywing: 30 en meer, maar minder as 60 leerlinge, 4 lede.

60 en meer, maar minder as 150 leerlinge 6 lede.

150 en meer, maar minder as 300 leerlinge, 8 lede.

300 en meer, maar minder as 400 leerlinge, 10 lede.

400 en meer leerlinge, 12 lede.

Alle manlike ouers en voogde van kinders wat die skool besoek, sou stemgeregtig wees, en die inspekteur of sy verteenwoordiger moes ten minste veertien dae voor die verkiesing 'n naamlys van stemgeregtigde persone wat aan die skoolkomiteeverkiesing mag deelneem, aan die skooldeur of ander publieke plek vassteek.

Kandidate vir 'n komitee moes blanke persone wees wat kwalifiseer om te stem tydens 'n skoolkomiteeverkiesing, dit wil sê manlike ouers of voogde, of persone wat woonagtig is in die wyk waarin die skool geleë is.

Die verkiesing moes plaasvind gedurende die drie

maande /........

1. T.K. 185/11: Transvaal Education Department. Regulations defining the Constitution and Duties of School Committees and School Boards.

maande eindigende 31 Maart 1906 en die gekose komitee sou in werking tree op 1 April 1906 en van krag bly vir een jaar. Bestaande komitees verkies voor of na 1 Oktober 1905 sou bly voortbestaan tot na die verstryking van een jaar vanaf 1 April 1906.

Die distriksinspekteur of sy verteenwoordiger moes die verkiesing reël en ook optree as voorsittende beampte. Nominasies van kandidate moes skriftelik geskied deur twee stemgeregtigde lede en elke nominasie moes vergesel wees van 'n skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy gewillig is om hom verkiesbaar te stel.

Na die verkiesing moes die voorsittende beampte die dag, tyd en plek reël van die eerste skoolkomiteevergadering, wat so spoedig moontlik na 31 Maart gehou moes word.

Die name van die komiteelede moes deur die voorsittende beampte aan die plaaslike magistraat en die direkteur van onderwys gestuur word.

(2) <u>Samestelling en verkiesing van skoolrade (Artikels 10 - 16)</u>.

'n Adviserende skoolraad moes saamgestel word vir elke magistraatsdistrik, of vir sodanige gebied as wat die luitenant-goewerneur mag bepaal. Rade sou bestaan uit ses of nege lede, soos deur die luitenant-goewerneur bepaal.

Die plaaslike magistraat sou ex officio voorsitter wees van die raad en die luitenant-goewerneur sou soveel lede benoem dat die totaal, die magistraat ingesluit, nie meer as een-derde van die totale getal lede sou wees nie. Die ander twee-derdes van die lede sou deur die lede van die skoolkomitees van die distrik verkies word.

Die magistraat moes as voorsittende beampte optree by die verkiesing van die skoolraad. Hy moes so gou moontlik na 1 April 1906 'n vergadering van alle skoolkomiteelede in sy distrik belê, deur ten minste veertien dae kennis te gee van sodanige vergadering. Tydens die vergadering moes die voorsittende beampte geskrewe nominasies, geteken deur twee lede, ontvang. Die nominasievorms moes vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy gewillig

is om verkies/.......

is om verkies te word. Verkiesing moes per geslote stemming geskied. Skoolrade moes op 1 Junie 1906 met hulle werksaamhede begin en vir een jaar dien.

Enige blanke persoon van 21 jaar en ouer wat nie skuldig bevind is van hoogverraad, moord, verkragting, meineed of enige ander misdaad van dieselfde graad nie, of wat nie verstandelik versteurd of bankrot of 'n amptenaar van die onderwysdepartement was nie, sou verkiesbaar wees as skoolraadslid.

(3) Die prosedure van die skoolkomitees en skoolrade (Artikels 17 - 23).

Op die eerste vergadering moes 'n skoolkomitee 'n voorsitter en sekretaris kies terwyl die skoolraad 'n sekretaris moes aanstel. Die sekretaris kon enige persoon, buite sowel as binne die raad, wees. Beamptes van die department kon ook as sekretarisse aangestel word.

Vergaderings moes minstens een maal per kwartaal gehou word en 'n volstrekte meerderheid van die aantal lede sou 'n kworum vorm. Die voorsitters van komitees sowel as rade sou 'n beslissende stem hê. Indien 'n lid vir meer as drie agtereenvolgende vergaderings sonder grondige redes, wat skriftelik verstrek moes word, afwesig was, sou so 'n lid ipso facto ophou om lid van die komitee of raad te wees.

Notules van vergaderings moes gehou word, en sodra dit onderteken was, moes die sekretaris afskrifte aan die direkteur van onderwys stuur.

(4) Magte en pligte van skoolkomitees (Artikels 24 - 32).

'n Skoolkomitee kon 'n onderwyser vir aanstelling aanwys of skors volgens sekere voorskrifte [1]. 'n Komitee moes drie van sy lede, of as alternatief, twee lede en 'n vrou wat 'n moeder of 'n inwoner van die gebied moes wees, benoem om die skool te besoek. Hierdie komitee kon die skool binne sowel as buite skoolure besoek mits hulle hulle nie bemoei met die werksaamhede van die skool nie.

Behoudens/.......

1. Afdeling VI, artikels 40 - 45 van hierdie regulasies handel oor die aanstelling en skorsing van onderwysers.

Behoudens die regulasies soos gepubliseer in goewermentskennisgewing no. 860 van 1903, kon komitees klagtes van ouers in verband met die volgende aanhoor: die aard van die godsdiensonderrig en enige invloed wat neig om die leerlinge te verwyder van die godsdiensgemeenskap waaraan hulle behoort; beweerde ondoeltreffende onderwys; mishandeling van leerlinge of ander wangedrag van die onderwyser; ordeloosheid of gebrek aan sindelikheid van die leerlinge; verwaarlosing van skooleiendom; enige ander omstandigheid wat die doeltreffendheid van die skool en die onderwys kon skaad.

Sulke klagtes deur ouers moes skriftelik ingedien word by 'n lid van die skoolkomitee. Indien die skoolkomitee die klagtes grondig vind en dit nodig is dat in die saak opgetree moes word, moes hulle die geskrewe klagtes met hulle bevindings aan die skoolraad oordra. Die raad sou op sy beurt die saak ondersoek, en as hulle dit wenslik ag, dit saam met hulle beslissing aan die distriksinspekteur stuur. As die saak binne sy jurisdiksie val, kon hy optree soos hy dit nodig vind, maar in alle gevalle was hy verplig om die klagtes tesame met sy aanbevelings aan die direkteur te stuur.

Die skoolkomitee moes by die skoolraad sulke aanbevelings maak as wat hulle wenslik ag vir die vergroting en verbetering van skoolgeboue en terreine. Hulle kon na goeddunke die skoolgebou beskikbaar stel vir sondagskool, katkisasieklasse en ander verdienstelike doeleindes, met inagneming van die gerief van die onderwysers, die netheid van die skool en die sorgvuldige terugplasing van die meubels na die verrigtinge.

Alle state moes, soos deur die skoolraad versoek, deur die skoolkomitee aan die raad gestuur word. Die komitee kon aanbevelings by die raad maak ten opsigte van die verandering van skoolure of skoolvakansies, sonder dat die lengte van die skooldag of skoolvakansie gewysig word. Die komitee moes ook met die skoolhoof reël vir die hou van skoolrapporte en -verslae. Hulle moes 'n afsonderlike rekening hou van alle gelde wat hulle uit privaat bronne verkry vir skooldoeleindes.

Een maal/........

Een maal per jaar moes reëlings getref word vir die leerlinge om bome by die skool aan te plant. Die skoolhoof moes vroegtydig hiervan kennis kry.

(5) Die magte en pligte van skoolrade (Artikels 33 - 37).

Die skoolraad moes 'n algemene toesig hou oor alle openbare laerskole in sy distrik, en alle onderhandelinge tussen skoolkomitee en departement moes deur die skoolraad geskied. Oor alle aanbevelings of verslae van die skoolkomitee moes die raad aan die direkteur rapporteer.

Die skoolraad moes die direkteur van advies bedien oor alle sake rakende die voorsiening van skole in hulle distrik. Onderworpe aan regulasies soos deur die direkteur vasgestel mag word, moes die raad die fondse, gestem vir plaasskool-geboue, administreer. Die raad moes besluit oor vrae rakende terreine, huur en kontrakte vir plaasskool-geboue en gelde stem vir plaasskool-meubels, vervoer- en losiesbeurse.

Verder moes die skoolraad alle state invorder van die skole in sy distrik en saam met die skoolkomitee deelneem aan die benoeming van onderwysers. Die luitenant-goewerneur kon deur middel van regulasies verdere funksies aan die skoolrade delegeer.

(6) Die aanstelling, skorsing en ontslag van onderwysers (Artikels 38 - 45).

Alle aanstellings van onderwysers in laerskole sou deur die direkteur van onderwys gemaak word, nadat die skoolkomitee 'n keuse gedoen het en die raad so 'n keuse goedgekeur het. In die geval van 'n vakature moes die direkteur die name van geregistreerde onderwysers op die rol aan die komitee stuur, wat dan 'n kandidaat vir die pos sou aanwys en die naam van hulle keuse aan die skoolraad sou stuur. Die raad moes dan die naam, tesame met hulle opmerkings aan die direkteur stuur. Indien die direkteur die benoeming van die kandidaat, deur die skoolkomitee aanbeveel, as onwenslik beskou het, kon hy die komitee vra om 'n ander kandidaat te nomineer. As hy ook nie saamgestem het met hierdie keuse nie, kon hy enige ander persoon aanstel.

'n Skoolkomitee, of by afwesigheid van 'n skoolkomitee die /.......

komitee die raad, kon 'n onderwyser tydelik skors op 'n gegronde aanklag van dronkenskap of onsedelikheid, mits twee-derdes van die lede teenwoordig ten gunste van sodanige skorsing stem. 'n Afskrif van die aanklag moes onmiddellik aan die direkteur gestuur word. 'n Onderwyser kon alleen deur die direkteur ontslaan word.

(7) Taalvraagstukke (Artikels 46 - 47).

Onderwysers sou toegelaat word om Hollands as onderwystaal te gebruik totdat die kinders Engels kon verstaan. Sodra die kinders daartoe in staat was, moes die medium van onderrig Engels wees. Kennis van Engels soos voorgeskryf vir elke standerd, sou 'n voorwaarde vir bevordering na 'n hoër standerd wees.

Skoolrade moes alle voorstelle van die skoolkomitees rakende taalonderwys onder die aandag van die direkteur bring.

(8) Gebiede vrygestel van regulasies (Artikels 48 - 49).

Die munisipale en dorpsgebiede van Pretoria, die munisipale gebiede van Johannesburg en die Witwaterstand sou vrygestel word van bogenoemde regulasies. In afwagting van spesiale regulasies vir hierdie gebiede sou bestaande komitees in hierdie gebiede bly funksioneer volgens hulle eie konstitusies.

In sy jaarrapport spreek Adamson sy spyt daaroor uit dat daar 'n onvermydelike vertraging was in verband met die instelling van 'n skoolraad vir die distrik Pretoria [1]. Regulasies vir hierdie gebied is op 31 Oktober 1906 deur die uitvoerende raad goedgekeur [2], en op 16 Januarie 1907 is twee lede, mnre. J. G. Boeschoten en John Dougall, deur die uitvoerende raad benoem as lede van hierdie skoolraad [3]. Uitgesonderd die wysigings om aan te pas by plaaslike omstandighede/.......

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 18.
2. Ex. C. Minutes, July - December 1906: Besluit no. 203 van 31/10/1906.
3. Ex. C. Minutes, January - June 1907: Besluit no. 85 van 16/1/1907.

omstandighede, is die regulasies dieselfde as dié geproklameer in die goewermentskennisgewing no, 1117 van 1905 [1].

Die Witwatersrand was ook onder oorweging, maar in hierdie geval was sake nie spoedeisend nie. Die sosiale omstandighede van hierdie gebied was uitsluitlik stedelik van aard en derhalwe verskillend van alle ander magistraatsdistrikte in die kolonie. Die stedelike aard maak dit baie makliker om te beheer [2]. Daar is nooit onder die Selborne-minute 'n skoolraad vir hierdie gebied ingestel nie.

(9) Bestaande regulasies herroep.

Behalwe soos in die bogenoemde regulasies voorsien, word goewermentskennisgewing no. 860 van 1903 hierna gekanselleer.

Bogenoemde regulasies is van tyd tot tyd gewysig om aan te pas by omstandighede [3]. Die gees van die onderwysbepalinge is nie deur enige wysiginge aangetas nie.

Na onderhandelinge tussen Botha, Esselen en die regering [4] is twee bykomstige artikels bygevoeg wat die datum vir die verkiesing van skoolkomitees verleng tot 30 Junie 1906 [5] vir skole wat na 31 Maart 1906 gestig of in regeringskole omskep sou word.

d. Instruksies aan skoolrade [6].

Na aanleiding/.....

---

1. Goew. Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1152 van 1906, 8.11.06, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing no. 1153 van 1906, 8.11.06.
2. T.O.D.-Jaarrapport 1905 - 6, 18.
3. Goewerment Gazette: Goewermentskennisgewing no. 215 van 1906 skep bykomstige artikels 9(a) en 9(b). Goewermentskennisgewing no. 339 van 1906, 6.4.06, wysig artikels 10 en 11. Goewermentskennisgewing no. 541 van 1906, 1.6.06, wysig artikel 34. Sien ook T.K.96, Ex. C. Minutes: besluit no.912 van 23.5.06.
4. Lt. G. 132/1114/107: Brief van luitenant-goewerneur aan Selborne, 18.1.1906. Brief van Selborne aan luitenant-goewerneur, Januarie 1906. Adamson se minute oor die aangeleentheid, 27.1.1906.
5. T.K. 96, Ex. C. Minutes: Besluit no. 302 van 1906, 2.4.1906.
6. T.O.D.-Rapport 1905 - 6: Bylae IV, "Instructions to School Boards", 163 - 171.

Na aanleiding van die regulasies vir skoolkomitees en skoolrade is instruksies aan skoolrade uitgereik.

(1) <u>Inleidende opmerkings</u>.

Alle aansoeke om skoolakkommodasie, dit wil sê om die oprigting of vergroting van skoolgeboue, moes aan die raad gerig word. Skoolrade kon hierdie aansoeke afkeur sonder om dit na die onderwysdepartement te verwys. Rade moes egter streng daarmee rekening hou of die aantal leerlinge die aangevraagde akkommodasie regverdig.

(2) <u>Oprigting van geboue</u>.

Skoolrade sou ꞌn jaarlikse toewysing kry vir die oprigting van plaasskole en vir kleiner herstelwerke. Vir uitgawes van £5 en minder het die skoolraad die goedkeuring van die onderwysdepartement nie nodig gehad nie. Alle rekenings vir werk deur die skoolraad onderneem, sou betaal word op ontvangs van rekenings gesertifiseer deur die voorsitter van die skoolraad.

Die oprigting van skoolgeboue sou deur die onderwysdepartement goedgekeur word en die uitvoering daarvan aan die departement van publieke werke opgedra word. Alle geboue vir honderd en meer leerlinge moes deur hierdie departement self uitgevoer word, terwyl die oprigting van geboue vir honderd en minder kinders aan skoolrade opgedra kon word.

(3) <u>Aanstelling van onderwysers</u>.

Onderwysers was staatsamptenare en kon alleen deur die direkteur van onderwys aangestel of ontslaan word. Die prosedure by die vulling van poste sou soos volg wees: Alle applikasies vir vakante poste word aan die departement gestuur, wat ꞌn uittreksel sal maak van die name van geskikte applikante. Die departement stuur die lys van name aan die skoolraad wat dit oordra aan die skoolkomitees. Die skoolkomitees maak drie aanbevelings en stuur die naamlys terug aan die skoolraad, wat op sy beurt drie aanbevelings maak. Die direkteur stel een van die genomineerdes aan indien die kandidaat aanneemlik is.

ꞌn Skoolraad of skoolkomitee sou nie toegelaat word om in die weg van ꞌn onderwyser te staan indien

hy bevordering/.......

hy bevordering gesoek het nie.

(4) Beurse en meubels.

Losies- en vervoerbeurse vir laerskoolleerlinge sou deur skoolrade beheer word. Afsonderlike regulasies vir die beheer van beurse is opgestel.

Skoolrade sou toelaes ontvang waaruit meubels vir plaasskole aangekoop moes word. Meubels vir dorpskole sou direk deur die departement verskaf word. 'n Hulptoelae van £30 vir die aankoop van 'n klavier is gegee aan skole met meer as 60 leerlinge.

e. Toepassing van die regulasies in verband met skoolkomitees en skoolrade in die praktyk.

(1) Die instelling van skoolrade.

Gedurende April 1906 is die hele Transvaal in 23 skoolraadsdistrikte ingedeel, uitgesonderd Pretoria, Johannesburg en die Witwatersrand. 'n Volledige indeling met die omskrywing van die gebied, die aantal skoolraadslede vir elke gebied en die magistraat wat moes optree as voorsitter word gegee [1]. Na afloop van die verkiesing van skoolraadslede, wat volgens voorskrifte in die regulasies moes geskied, is die name van die verkose lede, tesame met die deur die luitenent-goewerneur benoemde lede, gepubliseer in die staatskoerant van 8 Junie 1906 [2]. Opvallend van die naamlys is die hoë persentasie name van persone van Engelse afkoms, veral onder die benoemde lede. Sover vasgestel kon word, verskyn slegs die

name van /........

1. Goewerment Gazette: Goewermentskennisgewing no. 352 van 1906, 6.4.1906 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing no. 428 van 1906, 27.4.1906. Skoolraadsdistrikte met aantal lede tussen hakies:

| | | |
|---|---|---|
| Barberton (6) | Lichtenburg (9) | Ventersdorp (9) |
| Belfast (6) | Lydenburg (6) | Vereeniging (6) |
| Bethal (6) | Marico (9) | Volksrust (6) |
| Carolina (6) | Middelburg (9) | Wakkerstroom (6) |
| Ermelo (6) | Piet Retief (6) | Waterberg (6) |
| Heidelberg (9) | Potchefstroom (9) | Wolmaransstad (9) |
| Klerksdorp (9) | Rustenburg (9) | Zoutpansberg (9). |
| Krugersdorp (Platteland) (6) | Standerton (9) | |

2. Goewerment Gazette: Goewermentskennisgewing no. 575 van 1906, 8.6.1906.

name van drie Hollandse predikante, naamlik di. S. J. van der Spuy, G. J. Rudolph en M. L. Fick onder die lede [1]. Aan die begin van 1907 is 'n vier-en-twintigste skoolraad, dié van Pretoria, bygevoeg.

(2) Skoolkomitees in die praktyk.

Oor die werksaamhede van die skoolkomitees is daar min inligting beskikbaar. Die aandag is veral bepaal by die werksaamhede van die skoolrade, wat 'n nuwe instelling was en waarvan die direkteur van onderwys 'n voorstander was.

Die skoolkomitees het uitgebrei, sodat daar 'n komitee was vir elke skool met dertig of meer leerlinge. Hierdie liggaam het geslaag in die doel waarvoor dit geskep was, naamlik om die ouers in nouer aanraking te bring met die werksaamhede van die skool en 'n erkende kanaal te vorm waardeur die ouers hulle standpunt aan die owerheid kon voorlê [2].

Adamson, wat gekant was teen komitees vir individuele skole, sê in 'n jaarverslag dat "I cannot speak so favourably of my experience of school committees. On the farms suitable men are not available. Even in town the single school committee does not seem always to square with the conception and aims of public education. I believe it will be a good day for the schools when parents and the public are satisfied with the control which they have through the schools" [3].

In hierdie standpunt word hy gesteun deur inspekteur Corbett van Wolmaransstad:

> "I cannot honestly say that school committees have proved of good service. Even in some towns a narrowness of spirit, a pettiness and pettishness of spirit, a pettiness and pettishness of criticism, and a readiness to infringe upon the personal liberty of the teachers have been displayed. And one or two country school committees have, in pursuit of private profit, or to gratify spite, or to achieve a family advantage, decidedly

hindered /.......

1. Dit vorm 'n teenstelling met die rade wat onder die Smutswet verkies sou word, waar daar op byna elke skoolraad een of meer predikante was.
2. Cd. 3028: Toespraak van die waarnemende luitenant-goewerneur, Sir Richard Solomon, voor die Wetgewende Raad, 25.5.1906. Legislative Council, Hansard V, 1906, 2.
3. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 12.

hindered èducation" [1].

Dit sal onthou word dat Corbett ook in sy verslag oor die Sargant-skoolkomitees nie veel gedink het van hulle werk en doeltreffendheid nie.

Die oordeel van Adamson en Corbett loënstraf die sienswyse van Selborne, soos uitgespreek in sy minute dat

> "I have been much struck, wherever I have been, with the satisfactory relations between these Committees and the teachers and the Government. I have everywhere found that such committees take great interest in their work, and that they have been a material addition to the strength and stability of the school. I am convinced that the system of public education in the country will be strengthened and improved by the extension of a principle which has already been found to work well" [2].

'n Belangrike toevoeging tot die pligte van skoolkomitees was die adviserende funksie by die aanstelling en skorsing van onderwysers. Die vryheid van die onderwyser is egter tydens die Adamson-bewind baie hoog gestel, en enige liggaam wat die "security and tenure" [3] van die onderwyser kon aantas sou nie welkom wees nie. Die skoolkomitees as plaaslike liggame, sou noodwendig die oog steeds op die doen en late van die onderwyser gerig hou; trouens, die regulasies vir skoolkomitees het daarvoor voorsiening gemaak. As die onderwyser dan 'n eentalige vreemdeling was, sou daar vanselfsprekend kritiek wees [4].

(3) Skoolrade/.........

---

1. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 59.
2. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, Bylae III.
3. Col. Sec. Correspondence, 59/337/02: Voor 'n vergadering van inspekteurs het 'n vorige direkteur van onderwys, F. Ware, oor die ontslag van onderwysers gesê: "It was of the utmost political (onderstreep in verslag) importance that teachers should feel that everything was being done to treat them fairly and to have their cases fully considered".
4. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 59.
   De Volksstem, 10.4.07: Te Belfast kla 'n skoolkomitee dat daar 'n onderwyser aangestel is teen die aanbeveling van die skoolkomitee in.
   Lt. G. 131/114/81: Petisie van ouers teen onderwyser Horwood van die Wonderfonteinskool omdat hy nie Hollands kon onderrig nie. (13/7/1905). Voorstanders van Horwood het op 22/7/1905 'n teenpetisie ingedien waarin die luitenant-goewerneur gevra word om hom nie te steur aan die vorige petisie nie. Die inspekteur wat die saak moes ondersoek, het bevestig dat Horwood onbevoeg is en die lt.-goew. het beslis dat 'n onderwyser benoem moes word om Hollands te onderrig. In sy antwoord aan die lt.-goew. wys die assistent-koloniale sekretaris op die skaarste aan tweetalige onderwysers.

(3) Skoolrade in die praktyk.

Die direkteur van onderwys was hoogs voldaan met die werk van die skoolrade.

"I am able to speak of the work of the 24 outgoing boards with considerable assurance. I have myself been present at the meetings of twelve of them in various parts of the Colony. - - - My knowledge of their work, derived from correspondence, extends, of course , over every branch of their work" [1].

Hy kom tot die slotsom:

"the board has proved to be a most valuable addition to the departmental machinery. They have done their share of work of making education possible, promptly and effectively. There is no doubt, for example, that their help in the matter of school buildings and equipment and country school bursaries has been real and considerable. Of the zeal and selfsacrifice of members it would be impossible to speak too highly. - - - The enthusiasm has been general. Meetings have lasted five, six and even seven hours, and have been held monthly and in many cases oftener" 2).

Wat die aanstelling van onderwysers betref:

"The boards have aimed high and have put efficient education before anything else. There has been localism and racialism here and there. But they have been rare. It is literally true that if you look out over the whole face of the Colony these blemishes are hardly distinguishable" 3).

Die meeste inspekteurs het ook waardering uitgespreek vir die werk van die skoolrade. Die skoolraadslede dra die belange van die onderwys op hulle hart [4], en as administratiewe liggame het hulle die administratiewe werk van die inspekteurs baie verlig [5]. Die skoolrade geniet die hoogste agting [6], hulle verteenwoordig hulle eie mense en het ŉ groter invloed oor skoolkomitees en ouers [7]. Hulle kan gouer ŉ

oordeel/.......

1. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 11.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Id., 43. Inspekteur H. P. Mills.
5. Id., 48. Inspekteur T. G. Ligertwood.
6. Id., 59. Inspekteur J. H. Corbett.
7. Id., 74 en 78. Inspekteur G. S. Scott.

oordeel vel oor plaaslike omstandighede as wat 'n regeringsamptenaar dit kan doen [1].

Die verantwoordelikhede van skoolrade het oor 'n wye veld gestrek. Die voorsiening van akkommodasie, skoolmeubels, die toekenning van beurse en die oorname van C.N.O.-skole was van die belangrikste take wat deur hulle behartig moes word.

Gedurende die eerste werkjaar van die skoolrade het die aantal plaasskole toegeneem van 300 tot 344, en die aantal dorpskole van 117 tot 152 [2]. Dit was die grootste toename sedert 1903. Die aantal leerlinge het vermeerder van 32,360 tot 37,527.

Daar was 'n groot agterstand in geboue, veral op die platteland. Adamson het aanbeveel dat die onderwysdepartement die geld moes administreer wat gestem word vir geboue, en dat die uitvoering van die werk onder toesig van die skoolrade moes geskied. Hy het gevoel dat dié groot verantwoordelikheid aan die rade opgedra moes word [3].

Skoolmeubels vir plaasskole moes deur die skoolraad uit toelaes aangekoop word. Gedurende die boekjaar is £12,808 11s. 10d. daaraan bestee [4].

Die administrasie van plattelandse skoolbeurse is aan skoolrade oorgedra. Volgens Adamson bestaan daar geen twyfel dat hierdie liggame die beste gebruik van die fondse sal maak nie.

> "They understand local conditions and, at the same time, represent in most cases wide areas. These decisions as to the distribution of the fund, should therefore, inspire local confidence, while at the same time, a local interest will be under local control" 5).

Volledige regulasies is aan die skoolrade gegee in verband met die toekenning van skoolbeurse. Beurse sou alleen toegeken word aan leerlinge in staatskole, hoërskole uitgesluit. Die toekenning sou geskied na beoordeling deur die skoolraad van die huislike omstandighede van/......

---

1. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 64. Inspekteur G. S. Scott.
2. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 137. Plaasskole het vanaf 1903 tot 1906 toegeneem met 31, terwyl dorpskole slegs met 13 toegeneem het.
3. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 43.
4. Van Rooyen: Sir John Ernest Adamson as direkteur van Onderwys, 138.
5. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 42. Adamson oor skoolrade en skoolbeurse.

standighede van die kinders. Leerlinge wat verder as drie myl van 'n goewermentskool woon, of wat standerd drie geslaag het en na 'n ander skool buite hulle gebied moes gaan vir verdere onderrig, sou in aanmerking kom. Aansoeke om beurse moes deur bemiddeling van die skoolkomitee of die skoolhoof geskied. Toekennings mog nie vier sjielings per week oorskry nie en sou onderhewig wees aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys. Uitbetalings sou gemaak word aan die skoolkomitee of hoof, wat verantwoordelik sou wees vir die verspreiding van die gelde [1]. Gedurende die boekjaar 1906 - 7 is £10,921 4s. 7d. uitbetaal aan beurshouers [2].

Die oorname van C.N.O.-skole, veral gedurende die eerste ses maande van 1907, het ook deur die skoolrade geskied. Die C.N.O.-skole moes met die plaaslike skoolraad onderhandel oor die voorwaardes vir oorname [3].

Die verhouding tussen die skoolrade, die departement en die inspekteurs was altyd goed en die samewerking hartlik [4].

Die Selborne/.......

---

1. T.K. 185/10: T.E.D. Country School Bursary Regulations, 1906.
2. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 138.
3. Notulen Commissie van de School voor C.N.O., Belfast. Notule van 4 Mei 1907. Hierdie stuk is in die Staatsargief, Pretoria. Die volgende voorwaardes vir samesmelting is aanvaar:
   a. Twee uit die ses skoolkomiteelede sou van die C.N.O.-skool wees.
   b. Een uit die vier verkose skoolraadslede sou 'n verteenwoordiger van die ondersteuners van die C.N.O.-skole wees.
   c. £36. 10. van die totale skuld van £48. 12. van die C.N.O.-skoolkomitee sou deur die regering oorgeneem word.
   d. Die bestaande skoolraad en skoolkomitee sou oor twee maande aftree en dan sou die nuwe ooreenkoms in werking tree.
   e. Die hoof, teen 'n salaris van £19 per maand, en al die kinders sou oorgaan na die goewermentskool. Die hoof sou verantwoordelik wees vir die onderrig van Godsdiens en die Hollandse taal.

   Snyman: 'n Histories-Kritiese studie oor die ontwikkeling van onderwys in Marico, 112.
   Lötz: Die onderwys van blankes in Heidelberg, Transvaal, 112. "Gedurende Mei-Junie het die Regering ook nog 5 C.N.O.-skole in die distrik oorgeneem".
4. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 12.

Die Selborne-skoolrade het maar 'n kort bestaansduur gehad [1]. Dit spreek vanself dat hierdie nuwe liggame, wat eers koers en rigting moes vind, nog nie tot volle aktiwiteit kon oorgaan in die agtien maande van hulle bestaan nie. Tog was dit moontlik om teen die agtergrond van die waardevolle ondervinding deur hulle opgedoen, te voorspel wat van die toekomstige skoolrade onder die Smutswet van 1907 verwag kon word [2].

Die hele skema van skoolkomitees en skoolrade "is provisional in the sense that it does not attempt to provide a permanent settlement of the relations between the central Government and local authorities with regard to public education" [3].

6. Sekondêre en Hoër onderwys.

a. Sekondêre of "fee-paying"-skole.

In sy beplanning het Sargant voorsiening gemaak vir sekondêre onderwys. Hierdie sekondêre onderwys sou gegee word in "fee-paying schools", later ook bekend as sekondêre skole [4]. In sy rapport van 1901 het Sargant vermeld dat die magte van die voorgenome skoolrade beperk sou bly tot laerskole. "The organization and conduct of secondary education and of training of teachers should remain in the hand of the Department" [5].

Sargant het voorgestel dat gelde wat wissel van tien sjielings tot een pond per maand in hoërskole betaalbaar sou wees. Hierdie skole sou ook voorbereidende afdelings hê. Skole van hierdie soort sou waarskynlik/.......

---

1. Die skoolrade is op 1 Junie 1906 in werking gestel en het aangebly tot 31 Desember 1907.
2. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 11.
3. Cd. 3028, 105. Toespraak van die waarnemende luitenant-goewerneur voor die Wetgewende Raad, 25.5.1906.
4. T.O.D.-Rapport 1903, 37. "The district fee-paying schools bear the name of secondary, but educationally, in the majority of cases, they differ from elementary schools only in respect of the slightly larger proportion of scholars in the upper classes taking higher subjects, and the right which they possess of teaching Greek and Latin. The distinction between the two schools is rather social than educational, and the fee-paying schools are rarely supported from a real desire on the part of the parents to secure for their children the advantage of higher education".
5. T.O.D.-Rapport 1901, 12.

waarskynlik in die volgende dorpe in Transvaal opgerig word: Heidelberg, Volksrust, Ermelo, Middelburg, Lydenburg, Barberton, Pietersburg, Rustenburg, Zeerust, Potchefstroom, Krugersdorp en Germiston. Ander dorpe kon op spesiale versoek bygevoeg word. In hierdie dorpe sou ook vry staatskole vir laer onderwys gestig word, en beurse moes toegeken word aan verdienstelike leerlinge wat die laerskool verlaat en begerig was om 'n hoërskool te besoek [1].

Na goedkeuring van bogenoemde voorstelle het Sargant oorgegaan tot die stigting van "fee-paying"-skole op alle belangrike sentra langs die spoorlyn [2]. In die rapport van 1903 word meegedeel dat "the department has hitherto provided the means for secondary education, by establishing and maintaining fee-paying secondary schools in the chief provincial centres [3], and High Schools in Pretoria and Johannesburg. The latter are administered directly from Head office, while the former, with the exception of the schools at Heidelberg [4] and Standerton, are each under the control of the District inspector" [5].

'n Sekondêre skool is gedefinieer as 'n skool wat elke jaar 'n bevredigende persentasie suksesvolle kandidate lewer vir die laer sertifikaateksamen van die Transvaalse Onderwysdepartement of vir die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Toelatingsouderdom tot hierdie skole sou 9 jaar wees en 'n standerd drie-peil in lees, skrywe

en rekene/.......

---

1. Col. Sec. Correspondence 68/1441/02: Brief (1261/A120) van Sargant aan die assistent-sekretaris van die Transvaalse Administrasie, 21.2.1902. Hierdie voorstelle van Sargant is goedgekeur per brief 1441/02 van 26.2.1902.
2. T.O.D.-Rapport 1902, C3.
3. T.O.D.-Rapport 1903, 35. By die volgende dorpe was "fee-paying"sekondêre skole: Heidelberg, Germiston, Mayfair, Klerksdorp, Krugersdorp, Potchefstroom, Middelburg, Pietersburg, Rustenburg, Standerton, Ermelo, Volksrust, Wakkerstroom en Zeerust. 14 Skole met 55 onderwysers en 964 leerlinge.
4. Lötz: Die onderwys van blankes in Heidelberg, Transvaal, 91. Heidelberg se sekondêre skool het 'n skoolkomitee gehad.
5. T.O.D.-Rapport 1903, 35.

en rekene [1].

Op 22 Augustus het die Uitvoerende Raad die direkteur van onderwys gemagtig om, met die goedkeuring van die koloniale sekretaris, regulasies te formuleer vir die beheer van sekere sekondêre skole, uitgesonderd hoërskole.

Vergaderings van belanghebbende persone moes by die skole te Barberton, Ermelo, Heidelberg, Middelburg, Pietersburg, Rustenburg, Standerton, Volksrust, en Wakkerstroom gehou word ten einde die regulasies te verduidelik en 'n skoolkomitee vir elke skool te kies [2].

Die regulasies vir die beheer van sekere sekondêre skole is per goewermentskennisgewing no. 1261 van 1904 afgekondig [3]. Die fundamentele beginsels vir die beheer van hierdie skole deur die Uitvoerende Raad is in die besluit van 22 Augustus neergelê.

Elke skool sou onder die bestuur van 'n skoolkomitee, bestaande uit vyf tot tien lede, geplaas word. Die magistraat en die inspekteur sou ex officio lede wees en die luitenant-goewerneur kon twee-vyfdes van die totale aantal lede benoem, die twee ex officio-lede by hierdie getal ingesluit. Die ander lede van die komitee sou per stemming op 'n openbare vergadering gekies word. Alle vaders en manlike voogde van kinders wat hulle skoolgelde betaal het, of sou waarborg om dit te betaal, asook ander manlike blanke persone wat 'n minimum bydrae ter ondersteuning van die skool gelewer het, sou stemgeregtig wees. Enige volwasse manlike persoon, woonagtig binne die magistraatsgebied, kon as lid van die komitee verkies word. Die inspekteur moes 'n naamlys van stemgeregtigde persone saamstel en teen die hoofdeur van die magistraatskantoor vasheg, en die magistraat self sou as voorsittende beampte by die verkiesing optree.

Die komitees wat volgens hierdie regulasies verkies is, sou in werking bly tot 31 Desember 1905, en

daarna/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1903, 121. Bylae N, Regulasies vir Sekondêre Skole.

2. T.K. 93: Ex. C. Minutes, 22/8/1904. Besluit no. 862 van 1904.
T.O.D.-Rapport 1904, 15. Hierdie vergaderings is deur die direkteur van onderwys of die sekretaris van die departement toegespreek.

3. Goewerment Gazette: Goewermentskennisgewing no. 1261 van 1904, 2.12.1904.

daarna sou die verkiesing van nuwe komitees op die voorgeskrewe wyse gedurende Desembermaand geskied. Tussentydse vakatures in die komitee sou deur die komitee of deur die luitenant-goewerneur gevul word na gelang dit 'n verkose of benoemde lid is wat verval.

By die eerste vergadering van die nuwe komitee moes 'n eie voorsitter gekies asook 'n sekretaris en penningmeester benoem word. Laasgenoemde twee ampsdraers hoef nie noodwendig lede van die komitee self te wees nie en albei poste kon deur een persoon gevul word. Die sekretaris moes gereeld kennis gee van vergaderings, notule hou van alle besluite, die name van persone wat teen en ten gunste van besluite stem en name van teenwoordige lede aanteken. Hy moes ook afskrifte van die notules aan die sekretaris van onderwys stuur. Die tesourier moes die regeringsubsidies asook die skoolgelde ontvang en uitbetalings maak ten behoewe van die komitee. Behoorlike finansiële state moes gehou word wat kwartaalliks deur 'n regeringsbenoemde ouditeur nagesien moes word.

Komitees moes ten minste een maal per kwartaal 'n sake-, of finansiëlevergadering hou en drie-vyfdes van die lede sou 'n kworum vorm.

Die komitee sou verantwoordelik wees vir die algemene bestuur en finansiële beheer van die skool, alle gelde ten bate van die skoolfonds in ontvangs neem en in trust hou. Die skoolgelde sou, onderworpe aan die goedkeuring van die direkteur, deur die skoolkomitee self vasgestel word, maar geen kind wat standerd drie in die laerskool geslaag het en wat nie in die vermoë is om die gelde te betaal, mag toelating tot die skool geweier word nie.

Onderwysers sou deur die direkteur op aanbeveling van die skoolkomitee aangestel word. Alleen onderwysers wat by die departement geregistreer is, sou in aanmerking kom. As die direkteur nie die aanbeveling van die komitee goedkeur nie, kon hulle 'n ander aanbeveling maak. Die dienste van 'n onderwyser kon nie sonder die goedkeuring van die direkteur van onderwys beëindig word nie, maar in geval van wangedrag kon die komitee 'n onderwyser tydelik skors in

afwagting/........

afwagting op die beslissing van die direkteur. Die regering sou die gereelde besoldiging van die onderwyser waarborg.

Voorsiening word ook in die regulasies gemaak vir die prosedure by die oorplasing van onderwysers van die departement na sekondêre skole en tussen sekondêre skole onderling.

Die regering was bereid om die geboue, meubels en ander permanente uitrusting vir die sekondêre skole te voorsien. Kleiner reparasies aan die departementele eiendomme sou deur die komitee uit die skoolfonds onderneem word, alhoewel die regering aan die einde van elke kwartaal 'n toelae sou gee vir sodanige herstelwerk. Groter instandhoudingswerk sou deur die regering self onderneem word.

Die skoolkomitee sou die reg hê om die skoolgeboue vir ander doeleindes te gebruik en die fondse daardeur geïn moes in die skoolfonds gestort word.

Die regering sou 'n jaarlikse toelae van £6 per leerling, wat onder sekere omstandighede tot £7 verhoog kon word, aan skole betaal. Sekere paaiemente van hierdie toelaes sou kwartaalliks vooruitbetaalbaar wees. Toelaes sou alleen betaal word indien die skool in ooreenstemming met die regulasies van die departement bestuur word, die inspekteursrapport bevredigend is, alle state gereeld ingedien word en die ouditeur die finansiële state in orde vind. Indien die komitee nie hulle finansiële verpligtinge nakom nie, kon die direkteur die komitee ontbind en al die bates oorneem [1)].

Voorsiening is ook deur die uitvoerende raad gemaak vir "geldheffende"skole om te verenig met plaaslike "nie-geldheffende"staatskole. In so 'n geval moes 'n vergadering van verteenwoordigers van albei skole gehou word, en as 'n twee-derde meerderheid ten gunste van samesmelting was, kon dit met goedkeuring van die direkteur geskied. Na vereniging kon die skool óf "geldheffend" óf "nie-geldheffend" wees, na

gelang die/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1904, Bylae F, 57 - 60. Regulations in regard to the control of certain secondary schools.

gelang die direkteur mag besluit. Indien dit 'n "geldheffende" skool bly, dan sou die skoolkomitee volgens die regulasies vir sekondêre skole gekies word, maar as dit 'n "nie-geldheffende" staatskool word, dan sou die regulasies vir goewermentslaerskole van toepassing wees [1].

Die stigting van Sargant se "fee-paying"-skole het nie 'n logiese verhouding tussen laer en sekondêre skole geskep nie.

> "The secondary system is not linked on to the primary system in such way as to secure that the two form part of a logically-progressive educational whole. The curricula of the two courses stand in accidental rather than systematic relation to each other" 2).

Afgesien van die onlogiese verhouding, opper Adamson ook beswaar teen die groot magte wat deur die regulasies van 1904 aan die skoolkomitees van die sekondêre skole toegeken is.

> "In particular, they administered, and continue to administer, the school revenues which consist of fees and a capitation grant. The establishment of such schools is, as is elsewhere maintained, the weak feature of the system" 3).

'n Belangrike rede waarom hierdie stelsel nie gewens was nie, was omdat die skoolkomitees magte gekry het wat ander komitees nie gehad het nie. Dit het meegebring dat hulle los geraak het van die sentraal beheerde onderwysstelsel. Om dit te verhinder, sou die skoolkomitees van die "fee-paying"-skole met die gewone komitee vir die dorpskole verenig word met die magte en funksies soos neergelê deur die regulasies uitgereik onder goewermentskennisgewing no. 1117 van Desember 1905 [4]. Hierdie stap was ook verder nodig "in order that these bodies may come into line with the School Committees established under the supervision of the School Boards" [5].

Die samesmelting het stadig gevorder, en teen die einde/.......

1. T.K. 93: Ex. C. Minutes, 71, 22/8/1904.
2. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 80.
3. Id., 17.
4. Ibid.
5. Id., 85.

die einde van die boekjaar 1906 - 7 sou Pietersburg, Volksrust en Zeerust elk kon spog met een waardige skool. Heidelberg, Krugersdorp en Middelburg sou vir die huidige twee skole elk hê, maar die hoop is gekoester "that they will eventually fall into line" [1].

Die praktyk het bewys dat die toelae van £7 per jaar wat deur die staat aan skoolkomitees betaal is, nie toereikend was nie [2]. Nadat die sekondêre skole almal verenig het met die nie-geldheffende skole, het die uitvoerende raad besluit dat fooie afgeskaf sou word vir leerlinge wat in standerd ses of laer die voorgeskrewe werk gedoen het [3].

b. Hoërskole.

Behalwe die sekondêre skole wat deur Sargant in die groter dorpe gestig is, was daar ook 'n paar hoërskole wat direk onder beheer van die sentrale departement gestaan het. Teen die einde van 1903 was daar vyf hoërskole, drie in Johannesburg en twee in Pretoria. Aan die drie hoërskole in Johannesburg was ook voorbereidende afdelings verbonde [4]. Op 31 Januarie 1905 is ook 'n hoërskool vir seuns in Potchefstroom geopen, en hierdie ses hoërskole "must supply in its most complete and adequate form the public secondary [5] education of the Colony" [6].

Alhoewel hoërskole onder direkte beheer van die sentrale departement gestaan het, word daar in die rapport/.......

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 85.
2. Id., 83. Die sekondêre skool te Heidelberg het die ouers ongeveer £10 per leerling per jaar gekos.
3. Ex. C. Minutes, Jan. - Jun. 1907, 5. Besluit no. 15 van 3.1.1907. Pietersburg en Volksrust se sekondêre skole sou vanaf 1.7.1906 gratis onderwys verskaf terwyl Barberton, Ermelo, Heidelberg, Standerton en Zeerust dit reeds vanaf 1.1.1907 kon gedoen het.
4. T.O.D.-Rapport 1903, 38.
5. Lt. G. 132/114/71. Vanaf 1.2.1906 sou 'n sekondêre skool gedefinieer word "as one which contains a class regularly preparing for the Matriculation Examinations or an equivalent Examination".
   Voetnoot op p. 3 van die "Regulations for issuing Teachers Certificates".
6. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 22.

rapport van die direkteur vir 1904 vermeld dat die Boys' High School in Johannesburg heropen het as die Johannesburg College en dat "a governing body was appointed by the Lieutenant-Governor, the parents of pupils, the Witwatersrand Council of Education and the Transvaal Technical Institute" [1].

Op 6 Julie 1904 verskyn daar 'n hoofartikel in "De Volksstem" waarin onder andere melding gemaak word van die swak rapport van die hoofonderwyser oor die High School for Boys, Pretoria. Na aanleiding hiervan word gevra:

> "Bestond er voor de 'High School een deugdelike Kommissie van Toezicht', uit bevoegde mensen bestaande en tot het uitbrengen van 't jaarverslag geroepen, het publiek zou ongetwijfeld meer vertrouwen daarin krijgen. - - - Hoe eerder het Onderwijs Departement dit stelsel vaarwel zegt des te beter; want 't is geheel verouderd en past, in elk geval, niet in onze Zuid-Afrikaanse 2) sameIèwing" 3).

Gedurende September van dieselfde jaar is 'n vergadering van belangstellendes in die Boys High School gehou waar Ware, die direkteur, teenwoordig was. Die vergadering is belê weens die feit dat die skool gesluit sou moes word omdat daar nie genoegsame ondersteuning was nie. By hierdie geleentheid het Ware aan die hand gedoen dat 'n skoolkomitee aangestel moes word bestaande uit drie verkose en drie benoemde lede. By dieselfde vergadering is uitvoering aan hierdie wenk gegee [4].

In Oktober 1905 is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel en te rapporteer oor die oprigting van sekondêre (hoër-) skole in Johannesburg [5]. Behalwe baie ander opdragte moes die kommissie ook aandag gee aan die plaaslike beheer van die soort skole. In sy verslag toon die kommissie die uiteenlopendheid van gedagtes aan en beveel ten slotte aan:

dat beherende/......

1. T.O.D.-Rapport 1904, 13.
2. Let op die spelling.
3. De Volksstem, 6.7.1904.
4. Id., 28.9.1904.
5. T.K. 185/13. Report of the Secondary Education Commission.

dat beherende liggame benoem word vir sekere groepe skole wat naby mekaar geleë is, byvoorbeeld, die sentrale hoërskole vir seuns en dogters in Johannesburg, insluitende sekere voorbereidingskole; die magte en pligte van hierdie beherende liggame word deur regulasies vasgelê; elke beheerraad bestaan uit nege lede, drie deur die ouers gekies, drie deur die "Witwatersrand Council of Education" benoem, waarvan een lid moes wees van die Raad van die Tegniese Instituut, drie aangestel deur die luitenant-goewerneur, waarvan een bevoeg moes wees om die belange van laerskole te behartig; vrouens moes geregtig wees op lidmaatskap van die beheerrade [1].

Van die aanbevelings van die kommissie het nie veel tereggekom nie en die plaaslike beheer van hoërskole is eers met die Smutswet van 1907 finaal gereël.

c. Die Normaalskool, Tegniese Instituut en Industriële Skool.

Die ontwikkeling van hierdie inrigtings is reeds deur verskillende skrywers breedvoerig uiteengesit [2]. Wat hier ter sake is, is dat die Normaalskool gedurende hierdie tydperk onder direkte beheer van die onderwysdepartement was. Daar was dus geen sprake van plaaslike beheer of ouerseggenskap nie.

Die Tegniese Instituut is deur die regering toevertrou aan die sorg van die "Witwatersrand Council of Education". In Julie 1902 het die onderwysdepartement die "Council" versoek om aan 'n skema vir tegniese onderwys saam te werk. 'n Komitee is deur die "Council" benoem, en op 10 Oktober 1902 het die komitee, waarin ook twee verteenwoordigers van die onderwysdepartement gedien het, onder andere die volgende aanbeveel: dat daar onmiddellik voorsiening gemaak moes word vir tegniese, wetenskaplike en literêre onderwys onder die beheer van 'n komitee wat

uiteindelik/......

1. T.K. 185/13: Report of the Secondary School Education Commission, XVI.

2. Venter: Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 470.
Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 193.
Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 342.

uiteindelik tot die beherende liggaam van 'n doserende universiteit vir hierdie kolonie kon ontwikkel [1].

'n Kommissie onder leiding van ds. M. L. Fick het hulle beywer vir die stigting van 'n industriële skool verbonde aan die goewerment se weeshuis te Potchefstroom. In Mei 1905 is sekere voorstelle vir die oprigting van so 'n skool met die direkteur bespreek. Die regulasies vir die beheer en bestuur van die skool is nog in 1905 gepubliseer [2] en die skool is in 1906 as Ambagskool begin [3].

Die inrigting was bedoel vir 'n groter streek as Potchefstroom en sou, in die begin altans, staatsondersteund wees. Sekere persone moes geldelike bydraes waarborg vir een-derde van die koste vir die eerste jaar en daarna vir die helfte. Die eerste kommissie het bestaan uit die here ds. M. L. Fick, C. J. C. Rocher, M. Durr, J. E. van der Merwe, M. König, W. A. S. Gouws, D. J. van Graan, J. H. Pistorius, F. D. Conradie en die plaaslike magistraat [4].

Gedurende 1907 is bepaal dat die skool beheer sou word deur 'n raad, wat op sy beurt 'n uitvoerende komitee van 10 lede sou saamstel, waarvan die Potchefstroomse magistraat voorsitter sou wees. Die komitee sou verantwoordelik wees vir die ontvangs en inbetaling van alle fondse aan hulle betaal vir die koshuis en die industriële skool. Die komitee sou verantwoordelik wees vir die algemene bestuur van die skool en sou ook die personeel benoem, onderhewig aan die goedkeuring van die direkteur van onderwys. Die personeel sou onder geskrewe kontrak in diens geneem word en sou nie ontslaan kon word sonder die goedkeuring van die direkteur van onderwys nie. In dringende gevalle sou die onderwysers geskors kon word hangende die goedkeuring van die direkteur tot

ontslag./.........

---

1. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 342.
2. Badenhorst e. a.: Geskiedenis van Potchefstroom, 235.
3. Id., 242.
4. Ibid.

ontslag. Die komitee moes gereeld verslae oor die skool aan die departement stuur en die inspekteur van onderwys sou toegang tot die skool hê.

Toelating tot die inrigting sou beheer word deur ŉ komitee van drie, waarvan die magistraat voorsitter was. Aansoeke om toelating moes op voorgeskrewe vorms geskied en sou onderworpe wees aan die finale goedkeuring deur die direkteur van onderwys [1].

Die skool het bly voortbestaan en op 23 Oktober 1907 is die nuwe geboue deur genl. J. C. Smuts geopen. Behalwe die ambagsonderwys is daar ook later onderwys in die gewone skoolvakke gegee [2].

7. <u>Plaaslike beheer en finansiële verantwoordelikheid in die onderwys.</u>

Om die anglisasiebeleid van Milner deur te voer, moes die onderwys die verantwoordelikheid van die staat wees. Die staat sou die onderwys finansier en sentraal beheer [3]. Vir die ouer sou daar geen finansiële verantwoordelikheid vir die onderwys van sy kinders meer wees nie, en daarom kon hy ook nie beheer uitoefen oor of seggenskap hê oor die onderwys nie.

Alhoewel ŉ beleid van groter staatsverantwoordelikheid vir die onderwys reeds onder die Suid-Afrikaanse Republiek begin posvat het, het die ouer dit nogtans sy Christelike plig beskou om te sorg vir die opvoeding van sy kind. Hy wou geldelike bydraes gee maar terselfdertyd volle seggenskap behou [4]. Na die oorlog is hierdie beginsel verstewig omdat gevrees is dat die regering se staatskole ten gevolge sou hê "the obliteration of all that is best in Africander traditions, just as the British dread the loss of that which is distinctly English" [5].

Vir die kroonkolonie-regering was daar ŉ noue verband/........

1. Goewerment Gazette: Goewermentskennisgewing no. 472 van 1907, 26.4.1907.
2. Badenhorst e. a.: Geskiedenis van Potchefstroom, 242.
3. Cd. 3028: Waarnemende Goewerneur-Generaal, Sir Richard Solomon, voor die Wetgewende Raad.
4. Roos: Plaaslike beheer in die Onderwys van die Zuid Afrikaansche Republiek, 283.
5. T.O.D.-Rapport 1900 - 4, 54. Woorde van Sargant.

verband tussen finansiële verantwoordelikheid van die ouer en sy seggenskap in die onderwys [1]. Die koloniale sekretaris het voor die Wetgewende Raad gesê dat die oordrag van beheer aan rade ook hand aan hand gaan met die oordrag van finansiële verantwoordelikheid. Plaaslike beheer is feitlik nutteloos sonder finansiële verantwoordelikheid [2].

Daar was egter ook uiteenlopende menings oor die toekenning van finansiële verantwoordelikheid aan plaaslike liggame. Sargant was van mening dat daar geen rede bestaan het waarom "the Government in these Colonies should not prepare the way for a gradual transference of their school powers to the local community in connection with a corresponding transference of the financial burden" [3].

Duncan, die koloniale sekretaris, het ook nie beswaar daarteen gehad dat so 'n stelsel van plaaslike bydrae tot die onderwys ingevoer word nie. Die vraag was net in hoeverre die **bevolking** herstel het van die verarming gedurende die oorlogsjare en wanneer hulle weer in staat sou wees om materieel by te dra tot die koste van skole in hulle distrik [4]. Later het Duncan in 'n "prefatory minute" vir die Jaarrapport (1905 - 6) van die direkteur van onderwys geskrywe dat die beginsel van vry laer onderwys behou moes word. Indien die verantwoordelikheid terug sou val in die hande van plaaslike liggame, het hy aangevoer, sou 'n stelsel van belasting ingevoer moes word wat op die oomblik nie gedoen kon word nie, omdat daar nie plaaslike administratiewe liggame, soos munisipaliteite, was wat die belastings kon hef nie. Hierby het hy gevoeg dat "if the policy of free education be maintained, the parents' committee

as an/......

---

1. T.O.D.-Rapport 1903, 3. "It is evident, however, that any extension of their present authority must depend upon the assumption of some part of the financial responsibility now borne by the Government".
   Sien ook T.O.D.-Rapport 1900 - 4, 31.
2. Debates of the Legislative Council 1904 - 5, 299.
3. T.O.D.-Rapport 1900 - 4, 53.
4. Debates of the Legislative Council 1904 - 5, 299.

as an educational authority, having more than advisory powers, is a thing of the past in this Colony" [1].

Die kommissie van ondersoek na sekondêre onderwys aan die Witwatersrand het die uiteenlopendheid van mening bevestig. In hulle ondersoek het hulle onder andere die volgende opvatting oor die beheer van sekondêre skole gevind: Daar moes geen plaaslike liggame wees nie en die Wetgewende Raad moes die onderwys beheer; plaaslike bestuursliggame sonder finansiële verantwoordelikheid en uitsluitlik in adviserende hoedanigheid moes benoem word; daar moes plaaslike komitees wees vir gerieflik geleë gebiede om toesig te hou oor sowel primêre as sekondêre skole, met finansiële verantwoordelikheid vir sekondêre skole, onderhewig aan die kontrole van 'n sentrale raad van beheer oor sake van instandhouding en eenvormigheid; plaaslike komitees van bestuur moes benoem word vir individuele sekondêre skole, met finansiële verantwoordelikheid, onderhewig aan die beheer van 'n sentrale raad; plaaslike komitees van bestuur moes benoem word vir individuele sekondêre skole, wat finansiële verantwoordelikheid moes aanvaar, onderworpe slegs aan die kontrole van die onderwysdepartement [2].

Adamson was baie sterk gekant teen die terugkeer na 'n stelsel waar ouers finansiële verpligtings vir die onderwys moes aanvaar. Hy was ook nie ten gunste daarvan dat hierdie verantwoordelikhede op plaaslike liggame geplaas word nie, want dit sou die onderwys "into the arena of local and possibly political controversy" [3] bring. Die gevaar het ook bestaan dat hoë opvoedingsideale mag verdwyn voor die openbare mening en materiële oorwegings, en dan sou onderwysers ook nie meer staatsamptenare wees met vasgestelde salarisskale en ander voorregte nie [4].

Aan sekondêre en hoërskole is staatstoelaes betaal, maar/.......

---

1. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 3.
2. T.K. 185/13. Report of the Secondary Schools Commission, XIV - XV.
3. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 119.
4. Debates of the Sixth Session of the Legislative Council, 282.

taal, maar die beheer van hierdie skole is deur middel van regulasies bepaal. Nieteenstaande die feit dat die ouers finansiële offers moes bring, het hulle nie volle seggenskap gehad nie en was ook hierdie skole nie vry skole nie maar wel staatskole [1]. Die komitees wat hierdie skole moes beheer het slegs adviserende magte gehad. Leerplanne is deur die onderwysdepartement opgestel en onderwysers is deur die direkteur benoem op aanbeveling van die skoolkomitee.

Die regering was nie bereid om staatsubsidies aan privaatskole toe te ken nie. Volgens Sargant:

> "Grants-in-aid ..........would lead to the co-operation of Government with religious rather than with local organisations. .....There would certainly be High Schools established by the Dutch, Wesleyan and English Churches, - not to name the Roman Catholic - all of which would apply for a grant".

Die komitees van hierdie privaatskole sou wel in 'n sekere sin plaaslike liggame wees, maar hulle sou slegs seksies van die gemeenskap verteenwoordig. Hulle skole, met uitsondering van die Hollandse skole, sou swak voorsien wees van personeel, oor die algemeen duur en ondoeltreffend "and finally, they would divide the community more deeply than ever" [2].

Die kwessie van die finansiële verantwoordelikheid van die ouer vir sekondêre onderwys en sy seggenskap in die bestuur van die skool het herhaaldelik ter sprake gekom in die wetgewende vergadering. In sommige skole het die ouers meer bygedra tot die onderwys as die staat, en dit het aanleiding gegee tot vertoë om groter seggenskap. Op 'n vraag van mnr. W. Hosken het die koloniale sekretaris tydens die derde sitting van die wetgewende raad geantwoord dat die regering nie van plan was om 'n beleid te handhaaf waar die staat die volle verantwoordelikheid vir sekondêre onderwys moes dra nie.

> "They favoured a policy by which such education should be undertaken, not by the Government, but by bodies of a more or less private character, that was to say, by bodies

who would/......

1. Debates of the Sixth Session of the Legislative Council, 280.
2. Lt. G. 129/114/Genl: Brief van Sargant aan Lawley, 23.11.1903.

> who would undertake the expenditure and necessary endowment of these schools subject to a Government grant and Government inspection, and he thought the Government would be able to elaborate a policy whereby they would be relieved to a large extent of the cost of secondary education" 1).

Die "bodies of more or less private character" het nooit seggenskap gehad behalwe in 'n adviserende hoedanigheid nie. Dit het mnr. Hosken in staat gestel om tydens die sesde sitting van die wetgewende raad die volgende verklaring van die koloniale sekretaris te kry:

> "Parents who pay these considerable fees for high school education should have some say in the administration and management of the schools. That was so in the Johannesburg schools, and in the Potchefstroom schools there was a governing body elected by the parents, which was only an advisory body, because they did not control the school in the sense in which a private school was controlled by a governing body, but it was the intention of the Government, as far as possible, to give them wide powers and to encourage their taking an interest in the administration of the school, and assisting the Government where possible to reduce the expenditure" 2).

Inspekteur H. S. Cooke het hierdie voorstel heelhartig onderskryf, want groter finansiële magte sou die belangrikheid van die rade verhoog en sodoende slegs die beste mense uit die distrik trek om daarop te dien [3]. Verder as beloftes en adviserende magte het dit nooit gekom nie.

Dit is duidelik dat die regering voorgegee het dat hy groter finansiële verantwoordelikheid aan die ouers wou toeken, maar dat hy gevrees het vir eise om groter seggenskap wat hy nie bereid was om te gee nie.

Om 'n terugkeer na 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys te vermy, het Duncan in sy "Prefatory

Minute"/.......

---

1. Debates of the Third Session of the Legislative Council, 275.
2. Debates of the Sixth Session of the Legislative Council, 280.
3. T.O.D.-Rapport 1906 - 7, 75.

Minute", wat beskou kan word "als een politiek testament, bestemd voor overweging dergenen die geacht word eerlang de regering van 't onderwijs ter hand te zullen nemen" [1], sekere beleidsake insake die onderwys aangevoer wat daarop gemik was om die regeringsbeleid insake die verhouding tussen die sentrale regering en die plaaslike onderwysliggame vir die toekoms te bestendig [2].

Hy neem dit as vanselfsprekend aan dat die beleid van vry onderwys in die Kolonie behou sal word, want om terug te keer na die ou Republikeinse stelsel sal 'n terugwaartse stap wees [3]. Verder sê hy:

> "I consider that ....... there can be no real devolution by the state of financial responsibility on local educational authorities, and, therefore there should be no substantial devolution of administrative control" 4).

8. <u>Samevatting</u>.

Die organisasie van die onderwys in die nuwe kolonie is deur Milner opgedra aan E. B. Sargant, 'n lid van die Britse staatsdienskommissie, en 'n man wat veel gereis het in die Britse kolonies en veral belang gestel het in die onderwys. Hy het 'n belangrike taak gehad, naamlik om 'n nuwe stelsel van onderwys te kom skep wat sou pas by die landsomstandighede en wat ten doel sou hê om die landskinders so gou moontlik te angliseer en te denasionaliseer. Die Britse imperiale idee moes so gou moontlik gevestig word en die belangrikste middel was juis die onderwys.

Sargant/.......

---

1. De Volksstem, 5.12.06.
2. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 1. "As this report is the last general report on public education in the Colony which will be issued by the present administration, I think it desirable to touch briefly on certain questions of policy which will present themselves in the immediate future in regard to primary education in connection with the relations which should exist between the Central Government and local educational authorities. My intention is to indicate the lines on which these questions have been dealt with by the present administration so that their successors .... may have before them an accurate appreciation of the policy of their predecessors in regard thereto".
3. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 2.
4. Id., 3.

Sargant het dan ook in teorie 'n pragtige onderwysstelsel uitgewerk. Hy het egter met twee faktore nie rekening gehou nie: die landsomstandighede, veral die plattelandse gebiede, wat totaal anders was as waarmee hy nog kennis gemaak het, en ten tweede Milner, sy heer en meester, wat nie altyd dieselfde sienswyse toegedaan was as hy nie, veral wat betref ouerseggenskap en plaaslike beheer in die onderwys [1].

Die Milner-Sargant-onderwysbeleid het die lig gesien as ordonnansie no. 7 van 1903. Die bepalings insake die Hollandse taal, godsdiensonderwys en plaaslike beheer, almal beginselsake wat ouerreg en ouerseggenskap by die onderwys raak, was vir die bevolking heeltemal onaanneemlik. Daar het dan ook reaksie gekom van die kant van die Afrikanervolk, wat 'n eie onderwysstelsel na eie aard en tradisies ontwikkel het.

Nieteenstaande Milner se houding met betrekking tot die uitvoering van artikel 8 van die onderwysordonnansie, het sekere faktore daartoe aanleiding gegee dat adviserende skoolkomitees, deur die ouers, onder voorsitterskap van die direkteur van onderwys of die inspekteur, gekies vir skole met honderd en meer leerlinge, ingestel is. Die verkiesing van die komitees sou voorafgegaan word deur 'n reeks ouervergaderings onder leiding van die inspekteur. Volledige regulasies is vir hierdie skoolkomitees opgestel. Hulle pligte was veelvuldig, hulle magte gering en die seggenskap by die benoeming van die onderwyser nie eens ter sprake nie. Gedurende September 1904 is goedkeuring verleen om soortgelyke komitees vir skole

met sestig/......

---

1. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 72. "A beautifully articulated system of education, drawn up by Mr. Sargant, was, in spite of frequent modifications, only very partially successful in practice. It contained no provision for enlisting the co-operation of the people. It was completely centralized and bureaucratic, and was marred by drawbacks that became apparent in practice. ...Sargant, anxious to see a sound system operative in the territories once again, suggested the restoration of a large measure of control to the local authorities. Milner would have none of it".

met sestig leerlinge in te stel.

Oor die algemeen het hierdie komitees verdienstelike werk gelewer en die inspekteur en direkteur met advies in belang van hulle skole bedien. Terselfdertyd het hulle as kanaal gedien waardeur die onderwysowerheid sy onderwyspolitiek aan die ouers kon oordra.

Op 31 Maart 1905 is verteenwoordigende bestuur aan die Transvaal toegestaan en lord Milner is vervang deur die meer gematigde lord Selborne, wat persoonlik ondersoek ingestel het na die onderwystoestande in die Kolonie en selfs sover gegaan het om onderhandelings te voer met die leiers van die Het Volk-party. In 'n volledige uiteensetting het die volksleiers sekere voorstelle insake die onderwys aan Selborne voorgelê.

Selborne, goed bekend met die onderwystoestande en met die onderwysbeskouinge van die Afrikaner, het 'n minute opgestel waarin hy sekere aanbevelings in verband met die onderwys gemaak het. Selborne, wat aanvanklik baie ten gunste was van skoolkomitees vir individuele skole, is deur sir John Adamson, die nuwe direkteur van onderwys, oorreed om ook adviserende skoolrade in sy onderwysbeleid in te sluit.

Nuwe regulasies is opgestel vir die adviserende liggame, en vir die eerste keer onder kroonkoloniebestuur kon die skoolkomitees die direkteur adviseer in verband met die aanstelling van onderwysers.

Volgens regulasies sou die skoolrade belangrike adviserende magte hê en ook dien as skakel tussen die skoolkomitees en die onderwysdepartement. In die praktyk het die werk van die skoolrade groot byval gevind by die inspekteurs en by die direkteur. Die belangrikheid van die skoolkomitees is hierdeur op die agtergrond geskuif.

Sargant het goedkeuring verleen tot die stigting van geldheffende en nie-geldheffende sekondêre skole in sekere groter dorpe. Die geldheffende skole sou onder bestuur van hulle eie komitees staan en deur die regering gesubsidieer word. Later is die beginsel van gesubsidieerde geldheffende skole afgekeur en het die sekondêre skole

nie-geldheffende/.......

nie-geldheffende staatskole geword. Voorsiening is ook gemaak vir die oprigting van ses hoër-skole, twee in Pretoria, drie in Johannesburg en een in Potchefstroom. Vir sekere van hierdie hoërskole is beherende liggame benoem.

Die beginsel van vry laer onderwys sou deur die regering gehandhaaf word. Ouers moes egter vir hoërskoolonderrig sekere gelde betaal.

Die beginsels van die Selborne-Minute is toe-gepas totdat verantwoordelike bestuur aan die Transvaal toegeken is.